The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Christophe Paul Stanislas Hempel, residing at 31 Chicks Road, Durban North, to assume the surname of Hughes.

No. 349.] [17 March 1967.

NEWSPAPER AND IMPRINT ACT, 1934.

IMPRINT ABBREVIATIONS REGISTERED IN TERMS OF SECTION 8.—IMPRINTS ON PRINTED MATTER.

The Minister of the Interior has been pleased under the powers vested in him by sections 7 and 8 of the Newspaper and Imprint Act, No. 14 of 1934, to authorise the printers mentioned hereunder to use the abbreviations set opposite their names in lieu of, or in addition to their full names and addresses.

Naam van persoon of firma. *Name of Person or Firm.*	Adres. *Address.*	Goedgekeurde afkortings. *Abbreviations authorised.*
Boomerang Publications (Pty.), Ltd.	89 Bronkhorststraat/*Street*, Groenkloof, Pretoria	Boomerang Publications.
The Lutheran Publishing House	220 Wesstraat/*West Street*, Durban	L.P.H.
Aliwal North Printing Company (Pty.), Ltd.	6 Smithstraat/*Street*, Aliwal-Noord/*North*	ALIWAL.
Thomas Johannes Offerman	121 Dunwoodielaan/*Avenue*, Waverley, Pretoria	TOLIA'S.
University of the Witwatersrand	Jan Smutslaan/*Avenue*, Johannesburg	U.W.J.
Silhouette Chemical Works (Pty.), Ltd.	312 Mitchellstraat/*Street*, Pretoria	S.C.W.
Springbok Tutorials (Pty.), Ltd.	1012 Eagle Star-gebou/*House*, Wesstraat/*West Street*, Durban	MacPRINT.
Kroonstad Drukkers (Edms.), Bpk.	6 Smiedts-deurloop/*Arcade*, Crosstraat/*Street*, Kroonstad	KROONSTAD DRUKKERS.
Jos Beer Drukkers	Perseel/*Plot* No. 162, Honeydew	JOS BEER DRUKKERS (JOS BEER PRINTERS).
Bern-Ads (Pty.), Ltd.	13 Fountainstraat/*Street*, Bloemfontein	BERN-ADS.
Upington Litho Drukkery (Edms.), Bpk.	57 Scottstraat/*Street*, Upington	UPT. DRUKKERS, UPT. PRINTING en/*and* UPT. LITHO.
Tempo Skryfbehoeftes (Edms.), Bpk.	8 Tower-gebou/*Building*, hoek van/*cor. of* Plein- en/*and* Joubertstraat/*Streets*, Johannesburg	TEMPO.
Alpha Services	510 International-gebou/*House*, hoek van/*cor. of* Kerk- en/*and* Lovedaystraat/*Streets*, Johannesburg	ALFA SERVICES.
Prestige Printers	35 Bickelstraat/*Street*, Horison, Roodepoort	CLIFART.
Eldorado Printers (Pty.), Ltd.	7 Mellorstraat/*Street*, Phalaborwa	ELDORADO-PALABORA.
The Printing Corporation of S.A. (Pty.), Ltd.	52 Harrow-sentrum/*Centre*, Yeoville, Johannesburg	VIKING.
Consolidated Citrus Containers (Pty.), Ltd.	Letaba, Noord-/*Northern* Transvaal	CONCITLET.
Natal Printing	214 United-gebou/*Building*, Smithstraat/*Street*, Durban	Cheque Printing Co.
J. Morkel	1 Lady Anne-laan/*Avenue*, Newlands, Kaapprovinsie/*Cape Province*	J.P.F.
Recorder Charts (S.A.) (Pty.), Ltd.	52 Kraftweg/*Road*, Elandsfontein Rail	VERIGRAPH.
Signal Printers	17A Waterkantstraat/*Street*, Kaapstad/*Cape Town*	SIGNAL C.T.
D. P. Lincoln Printers	Marine-rylaan/*Drive*, Manabastrand/*Beach*, Suidkus/*South Coast*, Natal	HIBISCUS.
Trixie's Tikagentskap	Kamer/*Room* 77, Vyfde Verdieping/*Fifth Floor*, Southern Life-gebou/*Building*, 235 Pretoriusstraat/*Street*, Pretoria	T.T.A.
Hooglandpers (Edms.), Bpk.	1 Malanstraat/*Street*, Bethlehem, O.V.S./*O.F.S.*	HOOGLAND.
Hallmark Press (Pty.), Ltd.	112 Castlestraat/*Street*, Kaapstad/*Cape Town*	HALLMARK.
Mrs. Nellie Cullen	51 Dragoon-weg/*Road*, Plumstead, Kaapstad/*Cape Town*	DRUM-RAY.
Adverteqnic (Edms.), Beperk Kuns Ateljee en Litografiese Drukkers	28 Soutpansbergweg/*Road*, Riviera, Pretoria	ADVERTEQNIC.
Admail (Pty.), Ltd.	6 Shelton-gebou/*House*, Wesstraat/*West Street*, Durban	ADMAIL.
Amigo Drukkers	11 Tiende Laan/*Tenth Avenue*, Kieserville, Lichtenburg	AMIGO DRUKKERS.
B.S.B. Company (Pty.), Ltd.	629 Heerengracht, hoek van/*cor. of* De Korte en/*and* Mellestraat/*Streets*, Braamfontein, Johannesburg	B.S.B. PRESS.
Secretarial Enterprises	1 N.B.S.-gebou/*Building*, Bjorseth Crescent, Amanzimtoti	SEC/ENT.

No. 367.] [17 Maart 1967.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG.—RATANSAMY IN CHETTY.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Allike Ratansamy, sy eggenote, Minima Ratansamy (gebore Chellen) en sy minderjarige kinders, Mathaven Dayalan Manogran, Kollombaal, Meenegerambai en Jayapalan, woonagtig te Lilianweg 75, Fordsburg, Johannesburg, te magtig om die van Chetty aan te neem.

No. 369.] [17 Maart 1967.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG.—KONISBERG IN KINGSLEY.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Charles Israel Konisberg, sy eggenote, Iris Serena Konisberg (gebore Gordon) en sy seun, Michael Glen, woonagtig te Nordia Mansions 3, Vredehoeklaan, Vredehoek, Kaapstad, te magtig om die van Kingsley aan te neem.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

No. 354.] [17 Maart 1967.

PATOLOGIESE LABORATORIUMDIENSTE.

REËLS VIR DIE UITVOERING VAN LABORATORIUMTOETSE.

Paragraaf 3 van Goewermentskennisgewing No. 1073 van 22 Junie 1956 word hierby gewysig deur die toevoeging van tragoom aan die lys van siektes vermeld in subparagraaf (i) (*a*).

Hierdie wysiging is vanaf 1 April 1967 van krag.

No. 367.] [17 March 1967.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED.—RATANSAMY TO CHETTY.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Allike Ratansamy, his wife, Minima Ratansamy (born Chellen), and his minor children, Mathaven, Dayalan, Manogran, Kollambaal, Meenegerambai and Jayapalan, residing at 75 Lilian Road, Fordsburg, Johannesburg, to assume the surname of Chetty.

No. 369.] [17 March 1967.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED.— KONISBERG TO KINGSLEY.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Charles Israel Konisberg, his wife, Iris Serena Konisberg (born Gordon), and his son, Michael Glen, residing at 3 Nordia Mansions, Vredehoek Avenue, Vredehoek, Cape Town, to assume the surname of Kingsley.

DEPARTMENT OF HEALTH.

No. 354.] [17 March 1967.

PATHOLOGICAL LABORATORY SERVICES.

RULES FOR THE CARRYING OUT OF LABORATORY TESTS.

Paragraph 3 of Government Notice No. 1073, dated 22nd June, 1956, is hereby amended by the addition of trachoma to the list of diseases detailed in subparagraph (i) (*a*).

This amendment shall be effective as from 1st April, 1967.

No. 364.] [17 Maart 1967.

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE. VERKIESING VAN LID.

Ooreenkomstig regulasie 3 (3) van die Eerste Bylae van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde persone geldig genomineer is as kandidate om die vakature op die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie vir die res van die vyfjarige tydperk wat op 31 Desember 1968 eindig, te vul:—

Clark, Graham Gordon.
Manning, Trevor Richard.
Sakolovsky, David Louis.
Theunissen, Christiaan de Kock.

Aangesien die getal persone aldus genomineer, groter is as die getal persone wat gekies moet word, bepaal ek dat alle stembriefies wat deur persone wat geregtig is om in hierdie verkiesing te stem, geteken en aan my gestuur of afgelewer word, my voor of op 12-uur middag op Maandag, 1 Mei 1967 moet bereik. 'n Stembriefie sal gepos word na die jongste geregistreerde adres van elke persoon wat bevoeg is om in die verkiesing te stem.

FRANK S. BARROW,
Kiesbeampte.

Posbus 96,
Pretoria.

DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT.

No. 361.] [17 Maart 1967.

KANONEILAND-NEDERSETTINGSBESTUURSRAAD.—PLAASBELASTING, 1967.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad kragtens artikel *dertien* van die Kanoneilandnedersettingsbestuurswet, 1939 (Wet No. 15 van 1939), en met die goedkeuring van die Minister van Landboukrediet en Grondbesit, onderstaande belasting opgelê het.

Kragtens regulasie 24 van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 973 van 7 Julie 1939, gepubliseer en ooreenkomstig die bepalings van artikel *sewentien* van voornoemde Wet uitgevaardig is, het die Minister bepaal dat hierdie belasting op die datum hieronder vermeld, betaalbaar is:—

'n Plaasbelasting van een rand (R1) per erf per jaar vooruit betaalbaar op 30 Januarie 1967.

No. 365.] [17 Maart 1967.

VOORGESTELDE VERHURING AAN BEACON ISLE HOTEL (1948) LTD., VAN 'N TERREIN ONDERKANT DIE HOOGWATERMERK VAN DIE PIESANGRIVIER TE PLETTENBERGBAAI, AFDELING KNYSNA.

Hierby word ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), bekendgemaak dat die Minister van Landboukrediet en Grondbesit van voorneme is om 'n terrein, groot ongeveer 31,500 vierkante voet, geleë onderkant die hoogwatermerk van die Piesangrivier, teenoor die seemuur te Plettenbergbaai, afdeling Knysna, aan Beacon Isle Hotel (1948) Ltd., te verhuur vir die oprigting van 'n keermuur in die rivier en om die gebied tussen die keermuur en die bestaande rivieroewer te herwin vir parkeerdoeleindes ten gunste van die Beacon Island Hotel.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantore van die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Aquilagebou, Schoemanstraat 157 (Privaatsak 118), Pretoria, en die Stadsklerk, Plettenbergbaai.

(Landboukrediet en Grondbesit: D. 5109/11/1.)

No. 364.] [17 March 1967.

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD. ELECTION OF MEMBER.

It is notified in terms of regulation 3 (3) of the First Schedule to the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended, that the following persons have been validly nominated as candidates to fill the vacancy on the South African Pharmacy Board for the balance of the quinquennial period ending on 31st December, 1968:—

Clark, Graham Gordon.
Manning, Trevor Richard.
Sakolovsky, David Louis.
Theunissen, Christiaan de Kock.

As the number of persons so nominated exceeds the number of persons to be elected, Monday, 1st May, 1967 (12 noon), is appointed by me as being the day on or before which all voting papers signed and transmitted or delivered to me by persons entitled to vote at this election shall reach me. A voting paper will be posted to the last registered address of each person qualified to vote at the election.

FRANK S. BARROW,
Returning Officer.

P.O. Box 96,
Pretoria.

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE.

No. 361.] [17 March 1967.

CANNON ISLAND SETTLEMENT MANAGEMENT BOARD.—FARM RATE, 1967.

It is hereby notified for general information that, in terms of section *thirteen* of the Cannon Island Settlement Management Act, 1939 (Act No. 15 of 1939), the Board, with the approval of the Minister of Agricultural Credit and Land Tenure, has levied the undermentioned rate.

In terms of regulation 24 of the regulations published in Government Notice No. 973 of the 7th July, 1939, and promulgated in accordance with the provisions of section *seventeen* of the aforementioned Act, the Minister has determined that this rate shall become payable on the date indicated hereunder:—

A farm rate of one rand (R1) per erf per annum payable in advance on the 30th January, 1967.

No. 365.] [17 March 1967.

PROPOSED LEASE TO BEACON ISLE HOTEL (1948) LTD., OF A SITE BELOW THE HIGH-WATER MARK OF THE PIESANG RIVER AT PLETTENBERG BAY, DIVISION OF KNYSNA.

Notice is hereby given in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), that the Minister of Agricultural Credit and Land Tenure proposes to lease a site, measuring approximately 31,500 suare feet, situate below the high-water mark of the Piesang River opposite the sea wall at Plettenberg Bay, Division of Knysna, to Beacon Isle Hotel (1948) Ltd., for the erection of a retaining wall in the river and to reclaim the area between the retaining wall and the existing river bank for parking purposes in favour of the Beacon Island Hotel.

A locality sketch plan is lying for inspection at the offices of the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, Aquila Building, 157 Schoeman Street (Private Bag 118), Pretoria, and the Town Clerk, Plettenberg Bay.

(Agricultural Credit and Land Tenure: D. 5109/11/1.)

No. 366.] [17 Maart 1967.

VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE KNYSNA-STRANDMEER, AFDELING KNYSNA.

Hierby word ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), bekendgemaak dat die Minister van Landboukrediet en Grondbesit van voorneme is om 'n gedeelte van die Knysna-strandmeer, groot ongeveer 62 voet by 30 voet, geleë in die afdeling Knysna, aan die Knysna Seiljagklub te verhuur vir uitbreiding van sy klubhuis.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantore van die Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit, Aquilagebou, Schoemanstraat 157, Pretoria, en die Stadsklerk, Knysna.

(Landboukrediet en Grondbesit: D 23742/45.)

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 371.] [17 Maart 1967.

KAFFIRRIVIER-BESPROEIINGSDISTRIK, DISTRIK BLOEMFONTEIN.—TOEWYSING VAN WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE OF PLIGTE.

Kragtens subartikel (1) van artikel *nege-en-tagtig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), wys ek, JACOBUS JOHANNES FOUCHÉ, Minister van Waterwese, hierby die werksaamhede, bevoegdhede of pligte soos omskryf in paragrawe (*d*), (*e*), (*f*) en (*g*) van subartikel (1) van genoemde artikel *nege-en-tagtig* aan die Kaffirrivierbesproeiingsraad, distrik Bloemfontein, toe.

J. J. FOUCHÉ,
Minister van Waterwese.

No. 372.] [17 Maart 1967.

VERORDENINGS.

Dit het die Minister van Waterwese behaag om kragtens artikel *honderd-en-drie* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), die volgende verordenings goed te keur ten opsigte van die besproeiingsrade vir die volgende besproeiingsdistrikte geproklameer by die proklamasies en op die datums wat teenoor elke raad verskyn:—

Besproeiingsraad.	*Proklamasie.*	*Datum.*
Cougha Poort	77	10/5/12
Gamtoosrivier	168	10/9/37
Hankey	124	3/10/19
Klaserierivier	273	17/11/50
Klerksdorp	130	17/6/13
Onderstekomseiland	10	31/1/58
Rademeyer	88	30/5/12
Reenen	76	10/5/12
Rooikopeiland	138	12/7/45
Waboomsrivier	97	30/3/61

1. In hierdie verordenings, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

„beamptes" werknemers van die betrokke besproeiingsraad;
„distrik" die betrokke besproeiingsdistrik soos ingestel by die ooreenkomstige Proklamasie;
„raad" die besproeiingsraad vir die betrokke besproeiingsdistrik;
„regulasies" die regulasies uitgevaardig ingevolge paragrawe (*a*) tot (*j*) van artikel *honderd-en-twee* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956);
„Wet" die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956);

2. *Verkiesing van voorsitter en vise-voorsitter kragtens artikel* 86 *van die Wet.*

Die lede van die raad moet tydens die eerste raadsvergadering, belê deur die kiesbeampte, na die verkiesing van raadslede, op die wyse soos voorgeskryf deur die regulasies soos gewysig, 'n voorsitter en vise-voorsitter van die raad kies.

No. 366.] [17 March 1967.

PROPOSED LEASE OF A PORTION OF THE KNYSNA LAGOON, DIVISION OF KNYSNA.

Notice is hereby given in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), that the Minister of Agricultural Credit and Land Tenure proposes to lease a portion of the Knysna lagoon, measuring approximately 62 feet by 30 feet, situate in the Division of Knysna, to the Knysna Yacht Club for the extension of its clubhouse.

A locality plan is lying for inspection in the offices of the Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure, Aquila Buildings, 157 Schoeman Street, Pretoria and the Town Clerk, Knysna.

(Agricultural Credit and Land Tenure: D 23742/45.)

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 371.] [17 March 1967.

KAFFIR RIVER IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF BLOEMFONTEIN, ASSIGNMENT OF FUNCTIONS, POWERS OR DUTIES.

In terms of subsection (1) of section *eighty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), I, JACOBUS JOHANNES FOUCHÉ, Minister of Water Affairs, hereby assign to the Kaffir River Irrigation Board, District of Bloemfontein, the functions, powers or duties as described in paragraphs (*d*), (*e*), (*f*) and (*g*) of subsection (1) of the said section *eighty-nine*.

J. J. FOUCHÉ,
Minister of Water Affairs.

No. 372.] [17 March 1967.

BY-LAWS.

It has pleased the Minister of Water Affairs in terms of section *one-hundred and three* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956) to approve the following by-laws in respect of the irrigation boards for the following irrigation districts proclaimed by the proclamations and on the dates shown against each board:—

Irrigation Board.	*Proclamation.*	*Date.*
Cougha Poort	77	10/5/12
Gamtoos River	168	10/9/37
Hankey	124	3/10/19
Klaserie River	273	17/11/50
Klerksdorp	130	17/6/13
Onderstekoms Island	10	31/1/58
Rademeyer	88	30/5/12
Reenen	76	10/5/12
Rooikop Island	138	12/7/45
Wabooms River	97	30/3/61

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates:—

"Act" means the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956);
"board" means the irrigation board for the relevant irrigation district;
"district" means the relevant irrigation district as constituted by the corresponding Proclamation;
"officials" means employees of the relevant irrigation board;
"regulations" means the regulations made in terms of paragraphs (*a*) to (*j*) of section *one hundred and two* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956).

2. *Election of Chairman and Vice-Chairman in Terms of Section* 86 *of the Act.*

The members of the board shall, at the first board meeting convened by the returning officer after the election of board members, elect a chairman and vice-chairman of the board as prescribed by the regulations as amended.

3. *Prosedure op vergaderings.*

Die volgende prosedure moet by elke vergadering van die raad gevolg word:—

(*a*) Alle besprekings word tot die voorsitter gerig.

(*b*) Lede mag nie langer as vyf minute oor een onderwerp praat sonder die toestemming van die voorsitter nie.

(*c*) Geen besluit van die raad betreffende 'n saak wat nie op die agenda, wat aan die kennisgewing van die vergadering geheg is, verskyn nie, word geneem nie tensy al die lede van die raad op die vergadering teenwoordig is.

(*d*) Die raad behandel nie 'n saak wat nie op die agenda vir die vergadering verskyn nie, tensy minstens twee derdes van die lede ten gunste daarvan is dat die saak op die vergadering behandel word.

(*e*) Indien enige lid verlang dat 'n saak op die agenda aangebring word, moet hy die sekretaris van die raad daarvan in kennis stel minstens veertien dae voor die datum van 'n vergadering van die raad wat ingevolge regulasie 24 van die regulasies gehou word.

(*f*) Alle sake voor die raad op enige vergadering word beslis deur 'n meerderheid van die stemme van die lede teenwoordig op die vergadering en in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter benewens sy beraadslagende stem as lid ook 'n beslissende stem.

(*g*) Die name van alle lede teenwoordig op elke vergadering asook die name van die lede wat oor elke saak stem, word aangeteken in 'n notuleboek wat die sekretaris van die raad vir daardie doel hou.

(*h*) Die raad sorg dat notule gehou word van alle aanstellings van beamptes en werknemers deur die raad, van die name van lede teenwoordig op elke vergadering van die raad en komitees van die raad, van alle besluite geneem deur die raad en komitees van die raad insluitende belastings of vorderings wat gehef word en van alle verrigtings van vergaderings van die raad en komitees van die raad en sodanige notule word onderteken deur die voorsitter van elke vergadering van sodanige raad of komitee tydens die volgende vergadering van die raad of komitee, nadat dit gelees en in orde gevind is.

(*i*) Verslae van beamptes van die raad word voorgelê en oorweeg.

(*j*) Sake deur vorige vergadering oorgelaat, word oorweeg.

(*k*) Komiteeverslae word oorweeg.

(*l*) Aansoeke en klagtes deur belastingbetalers en ander eienaars word oorweeg.

(*m*) Korrespondensie ontvang van die Departement van Waterwese word bespreek.

(*n*) Algemeen.

4. *Aanstelling van komitees ingevolge regulasie* 36.

(*a*) Komitees aangestel ingevolge regulasie 36 van die regulasies sal uit minstens drie raadslede bestaan.

(*b*) Twee lede van 'n komitee vorm 'n kworum.

(*c*) Komitees moet verslae en aanbevelings skriftelik aan die raad voorlê.

(*d*) Lede van komitees kan minderheidsverslae skriftelik by die raad indien.

(*e*) Die voorsitter van die raad is ampshalwe lid van alle komitees.

5. *Bevoegdhede en pligte van beamptes van die raad.*

(*a*) Die penningmeester is aanspreeklik vir enige bedrag wat betaal is aan 'n persoon wat nie daarop geregtig is nie.

(*b*) Die penningmeester bewaar alle ongebruikte kwitansievorms, seëls, kontantgeld voorhande en alle boeke van kwitansiedeurslae veilig agter slot en sleutel.

(*c*) Die penningmeester verseker dat volledige en voldoende kwitansies of bewyse verkry word ter stawing van elke betaling wat gedoen word, dat kwitansies of bewyse behoorlik geseël is volgens wetsvereistes en dat hulle in volgorde van betaling gebêre word.

3. *Procedure at Meetings.*

The following procedure shall be followed at every meeting of the board:—

(*a*) All discussions shall be addressed to the chairman.

(*b*) Members may not speak on any one subject for more than five minutes without the approval of the chairman.

(*c*) A resolution of the board shall not be passed in respect of any subject which has not been included in the agenda attached to the notice of the meeting, unless every member of the board is present at the meeting.

(*d*) No subject which has not been included in the agenda of any meeting shall be considered by the board at that meeting unless at least two-thirds of the members are in favour of its being considered thereat.

(*e*) Any members desiring that a subject be included in the agenda shall lodge notice with the secretary of the board at least fourteen days before the date of a meeting of the board to be held in terms of regulation 24 of the regulations.

(*f*) All questions for the consideration of the board at any meeting shall be resolved by a majority of the votes of the members present at such meeting and in the case of an equality of votes, the chairman shall in addition to his deliberative vote as member, have a casting vote.

(*g*) The names of all members present, as well as the names of those voting on each question, at each meeting, shall be recorded in a minutes book to be kept by the secretary of the board for the purpose.

(*h*) The board shall cause minutes to be made of all appointments of officials and servants made by the board, of the names of the members present at each meeting of the board and committees of the board, of all resolutions taken by the board and committees of the board including rates or charges levied and of all proceedings of meetings of the board and of committees of the board and such minutes as aforesaid shall be signed by the chairman of each meeting of such board or committee at the following meeting of the board or committee after being read and found in order.

(*i*) Reports by officials of the board shall be tabled and considered.

(*j*) Matters left over from the previous meeting shall be considered.

(*k*) Reports by committees shall be considered.

(*l*) Applications and complaints by ratepayers and other owners shall be considered;

(*m*) Correspondence received from the Department of Water Affairs shall be discussed.

(*n*) General.

4. *Appointment of Committees in Terms of Regulation* 36.

(*a*) Committees constituted in terms of regulation 36 of the regulations shall consist of at least three board members.

(*b*) Two members of a committee shall constitute a quorum.

(*c*) Committees shall submit reports and recommendations to the board in writing.

(*d*) Members of committeees may submit a minority report to the board in writing.

(*e*) The chairman of the board shall *ex-officio* be a member of all committees.

5. *Powers and Duties of Officials of the Board.*

(*a*) The treasurer shall be liable for any amount paid to a person not entitled thereto.

(*b*) The treasurer shall keep safely under lock and key all unused receipt forms, stamps, cash on hand and all books of carbon copies or receipts.

(*c*) The treasurer shall ensure that full and sufficient receipts or vouchers for every payment made are obtained and that receipts or vouchers are properly stamped, if so required by law, and are filed in the order of payment.

(*d*) Die penningmeester is verantwoordelike vir die noukeurige ondersoek van alle eise ten einde te verseker dat hulle in orde is alvorens hulle betaal word, asook vir die akkuraatheid van alle berekenings en vir die versekering dat alle vorderings ingevolge 'n tarief of 'n kontrak ooreenkomstig sodanige tarief of kontrak is.

(*e*) (i) Ten einde die betaling van klein rekenings te vergemaklik, kan die raad die penningmeester magtig om 'n kleinkasrekening te open vir sodanige bedrag maar nie meer as twintig rand nie, as wat die raad voorskryf: Met dien verstande dat geen enkele betaling van meer as tien rand uit sodanige rekening gedoen word nie.

(ii) Onder spesiale omstandighede kan die raad met die vooraf verkreë goedkeuring van die Sekretaris van Waterwese en onderworpe aan sodanige voorwaardes en beperking as wat hy oplê die penningmeester magtig om op 'n kontantvoorskot te werk en sodanige voorskot word maandeliks aangevul na die voorlegging van bewyse ter stawing van alle betalings gedurende die maand gedoen.

(*f*) Alle beamptes deur die raad aangestel is verantwoordelik aan die voorsitter en in afwesigheid van die voorsitter is die sekretaris van die raad in die beheer van alle ander beamptes.

(*g*) Die hoofwaterfiskaal of ander beampte as sodanig aangestel, is verantwoordelik vir die verdeling van die beskikbare water en die onderhoud en beheer van die werke soos van tyd tot tyd deur die raad aan hom opgedra.

(*h*) Die hoofwaterfiskaal of ander beampte as sodanig deur die raad aangestel, mag soveel permanente nie-Blanke arbeiders as wat die raad nodig ag in diens neem teen salarisse deur die raad goedgekeur, ten einde behulpsaam te wees met die beheer en onderhoud van die raad se werke.

(*i*) Wanneer nodig, mag los nie-Blanke arbeiders, met goedkeuring van die raad, in diens geneem word.

6. *Beheer en onderhoud van werke en die gebruik en verdeling van water daaruit.*

(*a*) Die raad moet enige water onder sy beheer verdeel en die distribusie en gebruik van sodanige water reël ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) en paragrawe (*f*) en (*g*) van subartikel (1) van artikel *nege-en-tagtig* van die Wet.

(*b*) Indien die raad waterwerke kragtens paragrawe (*h*) of (*j*) van subartikel (1) van artikel *nege-en-tagtig* van die Wet besit of beheer en water deur middel van kanale verskaf of lewer, word sodanige water deur middel van reguleersluise volgens tydtafels soos van tyd tot tyd deur die raad opgestel, verskaf of gelewer. Die grootte van sluise word deur die raad bepaal.

Waar water deur middel van private werke uit openbare strome deur private eienaars self geneem word, geskied sodanige onttrekking volgens 'n tydtafel deur die raad van tyd tot tyd opgestel.

(*c*) Elke eienaar is verantwoordelik vir die water aan hom toegeken en mag dit alleen gebruik vir landboudoeleindes.

(*d*) Niemand mag in die kanaal bad, baai of was of toelaat dat in die kanaal gebad, gebaai of gewas word nie of enigiets doen wat die water in die kanaal kan besoedel nie. Indien enige krale, varkhokke, gemakshuise of ander geboue wat besoedeling kan veroorsaak in die nabyheid van die kanaal opgerig word en water onder beheer van die raad word as gevolg daarvan besoedel, is sodanige besoedeling 'n misdryf ingevolge artikel 23 van die Wet.

(*e*) Enige persoon wat versperrings van watter aard ook al in die raad se werke aanbring waardeur die vloei van die water enigsins belemmer word, is aan 'n misdryf skuldig en strafbaar kragtens artikel 170 van die Wet.

(*f*) Geen ongemagtigde persoon mag enige reguleersluis oop- of toemaak of hom daarmee bemoei nie.

(*g*) Niemand mag enige pype lê of brûe bou oor 'n kanaal of binne die serwituutgebied van die Raad sonder die raad se skriftelike toestemming nie.

(*h*) Behalwe in noodgevalle, wanneer dit te eniger tyd gedoen mag word, kan die raad, na kennisgewing van ten minste sewe dae aan elke ingelyste eienaar, die water in die kanaal afsluit ten einde hom in staat te stel om sodanige kanaal skoon te maak of te herstel.

(*d*) The treasurer shall be responsible for scrutinising all claims to ensure that they are in order before making payment, also for the accuracy of all calculations and for ensuring that all charges under tariff or contract are in terms of such tariff or contract.

(*e*) (i) The board may authorise its treasurer to open a petty cash account for such amount, not exceeding twenty rand, as it may direct to facilitate the payment of small accounts: Provided that no individual payment amounting to more than ten rand shall be paid from such account.

(ii) The board may, in special circumstances, with the prior approval of the Secretary for Water Affairs and subject to such conditions and limit as may be laid down by him, authorise its treasurer to operate a cash imprest, which imprest shall be reimbursed monthly on the production of vouchers covering all payments made during the month.

(*f*) All officials appointed by the board shall be responsible to the chairman and in his absence the secretary of the board shall be in charge of all other officials.

(*g*) The head water bailiff or other official appointed as such shall be responsible for the distribution of the available water and the control and maintenance of the works, as directed by the board from time to time.

(*h*) The head water bailiff or other official appointed as such by the board may employ such number of permanent non-White labourers as the board may deem necessary at salaries approved by the board, to assist with the control and maintenance of the board's works.

(*i*) Whenever necessary, casual non-White labourers may be employed with the approval of the board.

6. *Control and Maintenance of Work and the Use and Distribution of Water therefrom.*

(*a*) The board shall divide all water under its control and arrange the distribution and use of such water in terms of the provisions of subsection (3) and paragraphs (*f*) and (*g*) of subsection (1) of section *eighty-nine* of the Act.

(*b*) If the board owns or controls waterworks in terms of paragraph (*h*) or (*j*) of subsection (1) of section *eighty-nine* of the Act and supplies or delivers water by means of cannels, such water shall be supplied or delivered through regulating sluices in accordance with time-tables prepared by the board from time to time. The sizes of sluices shall be determined by the board. Where water is abstracted from public streams by private owners by means of private works such abstraction shall be in accordance with a time table prepared by the board from time to time.

(*c*) Every owner shall be responsible for the water allocated to him and may use such water for agricultural purposes only.

(*d*) No person shall bath, bathe or do any washing or cause any of these actions to be done in a canal or in any other manner pollute the water in the canal. If any kraals, pigsties, latrines or other structures likely to result in polution are erected in proximity to a canal and water under the control of the board is polluted as a result thereof such pollution is an offence in terms of section *twenty-three* of the Act.

(*e*) Any person who in any way obstructs the flow of water in any of the board's works shall be guilty of an offence and liable to punishment on conviction, in terms of section *one hundred and seventy* of the Act.

(*f*) No unauthorised person may open or close or in any way interfere with any regulating sluice.

(*g*) The written permission of the board shall be obtained for construction of bridges or the laying of pipes across a canal of within the servitude area of the board.

(*h*) The board shall give at least seven days notice to all scheduled owners before cutting off the water in a canal for the purpose of cleaning or repairing such canal except in cases of emergency when it may do so at any time.

(*i*) Niemand mag enige beampte van die raad in die uitvoering van sy pligte hinder nie en enige klagte teen sodanige beampte of in verband met die beheer en verdeling van die water moet skriftelik onder die aandag van die raad gebring word.

(*j*) Omruiling van waterbeurte tussen eienaars kan alleen met skriftelike goedkeuring van die raad en op sulke voorwaardes as wat die raad mag stel, geskied.

(*k*) Die finansiële en waterjaar van die Raad begin op 1 Januarie of 1 Julie en eindig op 31 Desember of 30 Junie onderskeidelik van elke jaar.

7. Die verordenings opgestel kragtens artikel *ses-en-sewentig* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, 1912 (Wet No. 8 van 1912) word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 378.] [17 Maart 1967.

VERBETERINGSKENNISGEWING.

Onderstaande verbetering ten opsigte van Goewermentskennisgewing No. 270 van 1967, gedateer 3 Maart 1967, word vir algemene kennisgewing gepubliseer: —

In die Afrikaanse teks vervang die getal 2,856 in die derde kolom van die Bylae met die getal 2,586.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 368.] [17 Maart 1967.

Dit het die Staatspresident behaag om op 17 November 1966, erkenning te verleen aan mnr. Victor Berthen Grogan as Vise-konsul van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Port Elizabeth met daardie gedeelte van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop (met uitsondering van die landdrosdistrik Mount Currie) oos van die westelike grense van die landdrosdistrikte Venterstad, Steynsburg, Middelburg, Graaff-Reinet, Jansenville, Steytlerville en Humansdorp as sy regsgebied.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 284.] [3 Maart 1967.

VOORGENOME DEPROKLAMERING VAN GROND.

Die Staatspresident is voornemens om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 31 (1) van die „Precious and Base Metals Act," 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), die grond in bygaande Bylae beskryf en aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. No. 2670 bewaar word, te deproklameer as 'n publieke delwery vir edelmetale.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
Gedeelte van die plaas Driefontein No. 87–I.R., distrik Germiston, myndistrik Johannesburg, Provinsie Transvaal	Ongeveer 56·7688 morg	Witwatersrand Gold Mining, Co., Ltd.

M.M. 27/1/176.
3-10-17-23

No. 360.] [17 Maart 1967.

STAATSGROND ONTTREK AAN PUBLIEKE PROSPEKTERING.

Die Minister van Mynwese het met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*, sekere Staatsgrond waarvan besonderhede in bygaande Bylae gemeld word, aan publieke prospektering na edel- en onedelmetale onttrek kragtens artikel 10 (2) van die "Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), en daardie artikel soos by artikel 119 van genoemde Wet op onedelmetale van toepassing gemaak en soos by Wet No. 13 van 1936 op die Provinsie Oranje-Vrystaat van toepassing gemaak.

(*i*) No person shall obstruct any official of the board in the discharge of his duties and any complaint against such official or in regard to the control and distribution of water shall be submitted to the board in writing.

(*j*) Water turns may only be exchanged between owners with the written permission of the board and on such conditions as it may wish to impose.

(*k*) The financial and water year of the board shall commence on the 1st January or 1st July and terminate on the 31st December or 30th June respectively of each year.

7. The by-laws framed in terms of section *seventy-six* of the Irrigation and Conservation of Water Act, 1912 (Act No. 8 of 1912) are hereby repealed.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 378.] [17 March 1967.

CORRECTION NOTICE.

The following correction to Government Notice No. 270 of 1967, dated 3rd March, 1967, is published for general information: —

In the Afrikaans text substitute the number 2,586 for the number 2,856 in the third column of the Schedule.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 368.] [17 March 1967.

The State President has been pleased to grant recognition, on 17th November, 1966, to Mr. Victor Berthen Grogan as Vice-Consul of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Port Elizabeth with that portion of the Province of the Cape of Good Hope (excluding the Magisterial Districts of Mount Currie) east of the western boundaries of the Magisterial Districts of Venterstad, Steynsburg, Middelburg, Graaff-Reinet, Jansenville, Steytlerville and Humansdorp as his area of jurisdiction.

DEPARTMENT OF MINES.

No. 284.] [3 March 1967.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF LAND.

It is the intention of the State President, under the powers vested in him by section 31 (1) of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), to deproclaim as a public digging for precious metals the land described in the attached Schedule and shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. No. 2670.

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
Portion of the farm Driefontein No. 87–I.R., District of Germiston, Mining District of Johannesburg, Transvaal Province	Approximately 56·7688 morgen	Witwatersrand Gold Mining Co., Ltd.

M.M. 27/1/176.
3-10-17-23

No. 360.] [17 March 1967.

STATE LAND WITHDRAWN FROM PUBLIC PROSPECTING.

The Minister of Mines has, in terms of section 10 (2) of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), and that section as applied to base metals by section 119 of the said Act and as applied to the Province of the Orange Free State by Act No. 13 of 1936, withdrawn from public prospecting for precious and base metals, as from the date of publication hereof in the *Government Gazette*, certain State land, details of which appear in the attached Schedule.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	Grootte. Morg.	Vierkante roede.
(i) Die plaas Vansterspost No. 477, gedeelte van die plaas Olyvenkloof No. 474	800	89
(ii) Die plaas Olyvenkloof No. 474	321	383
(iii) Die plaas Geluk No. 347	97	454
(iv) Die plaas Helena No. 452, gedeelte van die plaas Osfontein No. 348	509	172
(v) Die plaas Erfdeel No. 476, gedeelte van die plaas Olyvenkloof No. 474	90	428
(vi) Die plaas Du Plooysrust No. 384	427	482·1

Almal geleë in die distrik Bethulie, myndistrik Oranje-Vrystaat, Provinsie Oranje-Vrystaat.

M.M. 15/3/1037.

SCHEDULE.

Description of Land.	Extent. Morgen.	Square Roods.
(i) The farm Vansterspost No. 477, portion of the farm Olyvenkloof No. 474	800	89
(ii) The farm Olyvenkloof No. 474	321	383
(iii) The farm Geluk No. 347	97	454
(iv) The farm Helena No. 452, portion of the farm Osfontein No. 348	509	172
(v) The farm Erfdeel No. 476, portion of the farm Olyvenkloof No. 474	90	428
(vi) The farm Du Plooysrust No. 384	427	482·1

All situated in the District of Bethulie, Mining District of the Orange Free State, Province of the Orange Free State.

M.M. 15/3/1037.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 357.] [17 Maart 1967.

LOONWET, 1957.

LOONRAADONDERSOEK.—KLERASIENYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.

Die Loonraad sal om 9.30 vm., op 17 April 1967 in die Raadskamer, Kamer No. 317, Nuwe Goewermentsgebou, Masonic Grove, Durban, vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 33 in die *Staatskoerant* van 13 Januarie 1967 gepubliseer is.

J. T. LLEWELLYN,
Sekretaris, Loonraad.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 357.] [17 March 1967.

WAGE ACT, 1957.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—CLOTHING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.

The Wage Board will meet in the Boardroom, Room No. 317, New Government Building, Masonic Grove, Durban, at 9.30 a.m. on the 17th April, 1967, for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 33 in the *Government Gazette* of the 13th January, 1967.

J. T. LLEWELLYN,
Secretary, Wage Board.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 359.] [17 Maart 1967.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 10 *TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon: —

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 359.] [17 March 1967.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION 10 *TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section 10 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of section 9 (1) of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings: —

Naam. *Name.*	Adres in kennisgewing vermeld. *Address mentioned in Notice.*	Datum waarop kennisgewing oorhandig is. *Date on which Notice was Delivered.*	Datum waarop kennisgewing verstryk. *Date on which Notice Expires.*
Mkiza, Sibusiso Christopher	NV. 3, Mdantsane-Bantoedorp/*Bantu Township*, Oos-Londen/*East London*	9/2/67	31/1/69
Morewa, Solomon	3060 Ikageng-Bantoedorp/*Bantu Township*, Potchefstroom	13/2/67	28/2/69

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

KENNISGEWING No. 141 VAN 1967.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Kantoor van die Mynkommissaris, O.V.S., Welkom.

AANSOEK OM DIE UITHOU VAN GROND AS 'N HANDELSTERREIN.

Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary) Limited, die geregistreerde eienaar van die plaas Mijannie No. 66, administratiewe distrik Welkom, myndistrik en Provinsie Oranje-Vrystaat, het kragtens die bepalings van artikel 4 van die Oranje-Vrystaatse Metaalmyn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), aansoek gedoen om die uithou, ooreenkomstig artikel 6 van die Wet, van 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 21,342 vierkante voet groot, geleë op bogenoemde plaas en kragtens mynbrief gehou deur Free State Geduld Mines, Limited, as 'n handelsterrein.

Volledige besonderhede van die terrein waarom aansoek gedoen is, word aangetoon op 'n sketskaart wat in hierdie kantoor onder R.M.T. No. 57 bewaar word.

Hierdie aansoek, tesame met alle besware daarteen, sal om 10 vm. op die 12de dag van April 1967, in my kantoor, Kamer No. 200, Tweede Verdieping, Nuwe Staatsgebou, hoek van Heerenstraat en Grotiussingel, Welkom, deur my oorweeg word.

Almal wat beswaar wil aanteken teen die uithou van die betrokke grond as 'n handelsterrein, moet voor of op die 5de dag van April 1967, besonderhede van hul besware skriftelik by my indien en afskrifte van sodanige besware voor of op genoemde datum aan die applikant, Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary) Limited, Mainstraat 44 (Posbus 4587), Johannesburg, beteken.

Gedateer te Welkom, op hede die 14de dag van Februarie 1967.

W. DUNCAN,
Mynkommissaris, O.V.S.
M.C.O. 21/1/81.

(3 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 157 VAN 1967.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA. (PLAASLIKE AFDELING GRIEKWALAND-WES.)

EERSTE RONDGAANDE HOF, 1967.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 7 van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), hierby gelas en beveel dat 'n Rondgaande Hof vir die hieronder vermelde distrikte, wat by Kennisgewing No. 469 van 1960 as rondgangdistrikte aangewys is, sal sit, te Upington, op Dinsdag, die 18de dag van April 1967, om 12 middag, vir die distrikte Gordonia, Prieska en Kenhardt.

Met dien verstande dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof op genoemde plek te open op die tyd wat vir die doel vasgestel is, die sitting van die Rondgaande Hof geopen word wanneer die Regter daar aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gedateer te Kimberley, op hede die 14de dag van Februarie 1967.

G. F. DE VOS HUGO,
Senior Regter.

(17 Maart 1967.)

GENERAL NOTICES.

NOTICE No. 141 OF 1967.

DEPARTMENT OF MINES.

Office of the Mining Commissioner, O.F.S., Welkom.

APPLICATION FOR THE RESERVATION OF LAND AS A TRADING SITE.

Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary) Limited, the registered owner of the farm Mijannie No. 66, Administrative District of Welkom, Mining District and Province of the Orange Free State, has applied in terms of section 4 of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), for the reservation, in accordance with section 6 of the Act, of an area of proclaimed land, approximately 21,342 square feet in extent, held under mining title by Free State Geduld Mines, Limited, and situate on the said farm, as a trading site.

Full particulars of the area applied for are shown on a plan filed in this office under R.M.T. No. 57.

This application, together with any objections thereto, will be considered by me at my office, Room No. 200, Second Floor, New Government Building, corner of Heeren Street and Grotius Crescent, Welkom, on the 12th day of April, 1967, at 10 a.m.

All persons having objections to the reservation of the ground in question as a trading site, are required to lodge particulars of their objections, in writing, with me and to serve copies thereof on the applicant, Orange Free State Land and Estate Company (Proprietary) Limited, 44 Main Street (P.O. Box 4587), Johannesburg, on or before the 5th day of April, 1967.

Dated at Welkom this 14th day of February, 1967.

W. DUNCAN,
Mining Commissioner, O.F.S.
M.C.O. 21/1/81.
3-10-17-23

(3rd March, 1967.)

NOTICE No. 157 OF 1967.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA. (GRIQUALAND WEST LOCAL DIVISION.)

FIRST CIRCUIT COURT, 1967.

It is hereby notified for general information that, under and by virtue of the powers vested in me by section 7 of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), I hereby direct and appoint that a Circuit Court for the undermentioned districts, constituted as circuit districts by Notice No. 469 of 1960, shall sit at Upington, on Tuesday, the 18th day of April, 1967, at 12 noon, for the Districts of Gordonia, Prieska and Kenhardt.

Provided that in the event of the judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at the said place at the time fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened when the judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Dated at Kimberley this 14th day of February, 1967.

G. F. DE VOS HUGO,
Senior Judge.

(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 158 VAN 1967.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA. (GRIEKWALAND-WES PLAASLIKE AFDELING.)

EERSTE RONDGAANDE HOF, 1967.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat ek kragtens artikel *sewe* van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), hierby gelas en beveel dat 'n Rondgaande Hof vir die hierondervermelde distrikte, wat by Kennisgewing No. 469 van 1960 as Rondgaandedistrikte aangewys is, sal sit te De Aar op Maandag, die 10de dag van April 1967, om 9.30 vm., vir die distrikte De Aar, Britstown en Philipstown.

Met dien verstande dat ingeval die Regter deur 'n onvoorsiene omstandigheid of oponthoud verhinder word om 'n sitting van die Rondgaande Hof op genoemde plek te open op die tyd wat vir die doel vasgestel is, die sitting van die Rondgaande Hof geopen sal word wanneer die Regter daar aankom of so spoedig daarna as wat gerieflik is.

Gedateer te Kimberley, op hede die 17de dag van Februarie 1967.

G. F. DE VOS HUGO,
Senior Regter.

(17 Maart 1967.)

NOTICE No. 158 OF 1967.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA. (GRIQUALAND WEST LOCAL DIVISION.)

FIRST CIRCUIT COURT, 1967.

It is hereby notified for general information that, under and by virtue of section *seven* of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959), I hereby direct and appoint that a Circuit Court for the undermentioned district, constituted as a circuit district by Notice No. 469 of 1960, shall sit at De Aar, on Monday, the 10th day of April, 1967, at 9.30 a.m., for the Districts of De Aar, Britstown and Philipstown.

Provided that in the event of the judge being prevented by any unforeseen cause or delay from opening the Circuit Court at the said place at the time fixed for the purpose, such Circuit Court shall be opened when the judge shall arrive at such place or so soon thereafter as conveniently may be.

Dated at Kimberley this 17th day of February, 1967.

G. F. DE VOS HUGO,
Senior Judge.

(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 159 VAN 1967.

MILITÊRE OPLEIDING EN OEFENING.—WALVISBAAI.

Ter inligting word bekendgemaak dat kleingeweer en artillerie skietoefeninge op die datum hieronder vermeld te Walvisbaai gehou sal word:—

(*a*) *Kleingeweeroefeninge.*

Van 24 April tot 27 April 1967.
Van 1 Mei tot 4 Mei 1967.
Van 8 Mei tot 11 Mei 1967.
Van 15 Mei tot 18 Mei 1967.
Van 22 Mei tot 25 Mei 1967.
Van 29 Mei tot 1 Junie 1967.
Van 5 Junie tot 8 Junie 1967.
Van 12 Junie tot 15 Junie 1967.

(*b*) *Grofgeskutoefeninge.*

Van 1 Mei tot 4 Mei 1967.
Van 8 Mei tot 11 Mei 1967.
Van 15 Mei tot 18 Mei 1967.
Van 22 Mei tot 25 Mei 1967.
Van 29 Mei tot 1 Junie 1967.
Van 5 Junie tot 8 Junie 1967.
Van 12 Junie tot 15 Junie 1967.

2. Dit sal gevaarlik wees om die gebied in die Bylae hierbo omskryf, binne te gaan terwyl die oefeninge aan die gang is.

3. Almal word gewaarsku om nie onontplofde ammunisie aan te raak nie. As iemand sulke ammunisie sien lê moet die militêre owerhede of die S.A. Polisie daarvan verwittig word.

4. Skietbaanbehoeftes moet nie deur ongemagtigde persone aangeraak of van die gebied verwyder word nie.

5. Enigiemand wat opsetlik nie die voorskrifte van kennisgewings of die tekens of bevele van die Bevelvoerder of lede van die veiligheidspatrollies gehoorsaam nie of verontagsaam kan vervolg word. Sodanige verontagsaming sal nie slegs tot vervolging lei nie, maar ook lewens en eiendom in ernstige gevaar stel.

6. Die Bevelvoerder, Kommandement Walvisbaai, is kragtens die regulasies as kompensasie offisier aangestel en eise moet binne 30 dae na datum van die skietoefening by sy kantoor by Posbus 844, Walvisbaai, ingedien word.

NOTICE No. 159 OF 1967.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

MILITARY TRAINING AND EXERCISES.—WALVIS BAY.

It is notified for information that firing practices will be carried out with small arms and artillery at Walvis Bay on the following dates:—

(*a*) *Small Arm Practices.*

From the 24th April to the 27th April, 1967.
From the 1st May to the 4th May, 1967.
From the 8th May to the 11th May, 1967.
From the 15th May to the 18th May, 1967.
From the 22nd May, to the 25th May, 1967.
From the 29th May to the 1st June, 1967.
From the 5th June to the 8th June, 1967.
From the 12th June to the 15th June, 1967.

(*b*) *Artillery Practices.*

From the 1st May to the 4th May, 1967.
From the 8th May to the 11th May, 1967.
From the 15th May to the 18th May, 1967.
From the 22nd May to the 25th May, 1967.
From the 29th May to the 1st June, 1967.
From the 5th June, to the 8th June, 1967.
From the 12th June to the 15th June, 1967.

2. It will be dangerous to enter the area described in the Annexure hereto while exercises are in progress.

3. All persons are warned against handling unexploded ammunition. On discovery of such items, the military authorities or S.A. Police should be advised thereof.

4. Range stores must not be touched or moved from the area by any unauthorised persons.

5. All persons who wilfully disobeys or disregards the direction of notices, or any signals or orders by the Officer in Command or by members of safety patrols may be prosecuted. Such disregard will not only lead to prosecution but is likely to seriously endanger life or property.

6. The Officer Commanding, Walvis Bay Command, is appointed Compensation Officer in terms of the regulations and any claims made are to be lodged at his office at P.O. Box 844, Walvis Bay within 30 days from the date of the exercises.

BYLAE.

Die gebied soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 1404 gedateer 31 Augustus 1962.
(17 Maart 1967.)

ANNEXURE.

The area described by Government Notice No. 1404, dated the 31st August, 1962.
(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 161 VAN 1967.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 28ste dag van Februarie 1967.

LASTE.	R c
Kapitaal	2,000,000–00
Reserwefonds	10,835,610–30
Note in Omloop	368,363,803–00
Deposito's:	
Regering	184,987,358–20
Provinsiale Administrasies	17,381,030–94
Bankiers	118,316,862–43
Andere	7,872,927–02
Ander Laste	66,282,893–54
	R776,040,485–43

BATES.	R c
Goud (waarvan R71,153,193–62 buite die Republiek gehou word)	411,777,286–17
Buitelandse:	
Wissels	6,150,877–95
Beleggings	12,573,189–23
Ander Bates	50,283,675–39
Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	480,785,028–74
Binnelandse:	
Gediskonteerde Wissels	66,490,000–00
Lenings en Voorskotte:	
Regering	—
Andere	79,749,196–26
Sekuriteite:	
Regering	71,130,965–23
Andere	6,580,817–72
Ander Bates	71,304,477–48
	R776,040,485–43

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 62·9 persent.

Pretoria, 8 Maart 1967. EDWARD MOORE, Hoofkassier.

NOTICE No. 161 OF 1967.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 28th day of February, 1967.

LIABILITIES.	R c
Capital	2,000,000–00
Reserve Fund	10,835,610–30
Notes in Circulation	368,363,803–00
Deposits:	
Government	184,987,358–20
Provincial Administrations	17,381,030–94
Bankers	118,316,862–43
Other	7,872,927–02
Other Liabilities	66,282,893–54
	R776,040,485–43

ASSETS.	R c
Gold (of which R71,153,193–62 is held outside the Republic)	411,777,286–17
Foreign:	
Bills	6,150,877–95
Investments	12,573,189–23
Other Assets	50,283,675–39
Total Gold and Foreign Assets	480,785,028–74
Domestic:	
Bills discounted	66,490,000–00
Loans and Advances:	
Government	—
Other	79,749,196–26
Securities:	
Government	71,130,965–23
Other	6,580,817–72
Other Assets	71,304,477–48
	R776,040,485–43

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 62·9 per cent.

Pretoria, 8th March, 1967. EDWARD MOORE, Chief Cashier.
(17 Maart 1967/17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 160 VAN 1967.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING OF TOEEIENING VAN REGTE KRAGTENS ARTIKEL 60 (2) (*a*) (ii) VAN DIE WATERWET, 1956 (WET No. 54 VAN 1956), SOOS GEWYSIG BY WET No. 71 VAN 1965.

Hierby word kragtens die bepalings van artikel 60 (2) (*a*) (ii) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), soos gewysig, bekendgemaak dat die Minister van Waterwese, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel 60 van genoemde Wet, besluit

NOTICE No. 160 OF 1967.

NOTICE OF EXPROPRIATION OR APPROPRIATION OF RIGHTS IN TERMS OF SECTION 60 (2) (*a*) (ii) OF THE WATER ACT, 1956 (ACT No. 54 OF 1956), AS AMENDED BY ACT No. 71 OF 1965.

It is hereby notified, in terms of section 60 (2) (*a*) (ii) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), as amended, that the Minister of Water Affairs has, by virtue of the powers vested in him by subsection (1) of section 60 of the said Act, decided to expropriate or appropriate

het om die volgende regte op die grond hieronder genoem te onteien of toe te eien in verband met die Olifantsrivier (V.R)-staatswaterskema.

Die Kennisgewing van Onteiening of Toeëiening van die regte is per geregistreerde brief, gedateer 24 Februarie 1967 aan die geregistreerde eienaar beteken en genoemde regte gaan drie maande na die datum waarop die kennisgewing die eienaars bereik, op die Staat oor.

Beskrywing van grond.	*Regte onteien of toegeëien.*
Restant van Doornvlei, 'n deel van die plaas Driehoek, afdeling Van Rhynsdorp, groot 20·9733 morg, gehou kragtens Transportakte No. 9619, geregistreer op 4 Julie 1963	Serwituut van dreinering.

17–23–30

(17 Maart 1967.)

the following rights over the land described hereunder in connection with the Olifants River (V.R.) Government Water Scheme.

The Notice of Expropriation or Appropriation of the rights was served by registered letter, dated 24th February, 1967, on the registered owner and the said rights shall vest in the State three months from the date on which the notice is received by the owner.

Description of Land.	*Rights Expropriated or Appropriated.*
Remainder of Doornvlei, a portion of the farm Driehoek, District of Van Rhyndsdorp, measuring 20·9733 morgen, held by Deed of Transfer No. 9619, registered on the 4th July, 1963	Servitude of drainage.

17–23–31

(17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 162 VAN 1967.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat van Bates en Laste op die 3de dag van Maart 1967.

LASTE.	R c
Kapitaal	2,000,000–00
Reserwefonds	10,835,610–30
Note in Omloop	364,114,420–00
Deposito's:	
Regering	211,332,454–36
Provinsiale Administrasies	8,856,071–86
Bankiers	121,169,870–78
Andere	7,308,941–83
Ander Laste	60,694,225–98
	R786,311,595–11

BATES.	R c
Goud (waarvan R75,940,433–82 buite die Republiek gehou word)	403,606,705–91
Buitelandse:	
Wissels	4,002,957–79
Beleggings	22,435,041–25
Ander Bates	51,403,815–88
Totaal aan Goud en Buitelandse Bates	481,448,520–83
Binnelandse:	
Gediskonteerde Wissels	79,490,000–00
Lenings en Voorskotte:	
Regering	—
Andere	89,267,236–95
Sekuriteite:	
Regering	61,286,965–23
Andere	6,580,817–72
Ander Bates	68,238,054–38
	R786,311,595–11

Verhouding van goudreserwe tot verpligtings teenoor die publiek min buitelandse bates 61·5 persent.

Pretoria, 8 Maart 1967. EDWARD MOORE, Hoofkassier.

NOTICE No. 162 OF 1967.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement of Assets and Liabilities on the 3rd day of March, 1967.

LIABILITIES.	R c
Capital	2,000,000–00
Reserve Fund	10,835,610–30
Notes in Circulation	364,114,420–00
Deposits:	
Government	211,332,454–36
Provincial Administrations	8,856,071–86
Bankers	121,169,870–78
Other	7,308,941–83
Other Liabilities	60,694,225–98
	R786,311,595–11

ASSETS.	R c
Gold (of which R75,940,433–82 is held outside the Republic)	403,606,705–91
Foreign:	
Bills	4,002,957–79
Investments	22,435,041–25
Other Assets	51,403,815–88
Total Gold and Foreign Assets	481,448,520–83
Domestic:	
Bills discounted	79,490,000–00
Loans and Advances:	
Government	—
Other	89,267,236–95
Securities:	
Government	61,286,965–23
Other	6,580,817–72
Other Assets	68,238,054–38
	R786,311,595–11

Ratio of gold reserve to liabilities to the public less foreign assets 61·5 per cent.

Pretoria, 8th March, 1967. EDWARD MOORE, Chief Cashier.

(17 Maart 1967/17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 163 VAN 1967.—*NOTICE No. 163 OF 1967.*

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.—*SOUTH AFRICAN RAILWAYS.*

STAAT VAN UITGAWE, 1 APRIL 1966 TOT 31 JANUARIE 1967.—*STATEMENT OF EXPENDITURE, 1st APRIL, 1966, TO 31st JANUARY, 1967.*

Diens.	Begroting, *Estimates*, 1966–67.	Maand Januarie. *Month of January.*		Totaal April tot Januarie. *Totaal April to January.*		Service.
		1967.	1966.	1967.	1966.	
	R	R	R	R	R	
Bedryfsuitgawe (Spoorweë)—						Working Expenditure (Railways)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Algemene koste	14,951,000	1,144,378	1,558,782	11,729,490	11,002,061	General Charges.
Onderhoud van spoorbaan en werke	63,918,000	5,042,808	5,451,837	52,723,569	48,552,829	Maintenance of Permanent Way and Works.
Onderhoud van rollende materiaal	76,578,000	4,833,621	4,998,834	64,238,996	58,577,219	Maintenance of Rolling Stock.
Treinloopkoste	116,005,000	9,383,321	11,200,722	95,192,727	90,575,558	Running Expenses.
Verkeerskoste	110,360,000	9,042,062	11,168,102	89,564,008	84,936,420	Traffic Expenses.
Superannuasie	17,960,000	1,485,847	1,842,555	14,772,424	13,507,444	Superannuation.
Besteldienste	7,372,000	516,639	579,965	5,732,617	5,660,760	Cartage Services.
Waardevermindering	49,670,783	4,139,303	3,864,706	41,393,004	38,647,193	Depreciation.
Hulpdienste:						Subsidiary Services:
Verversings- en beddediens	6,564,000	636,934	667,673	5,447,365	5,615,119	Catering and Bedding Services.
Publisiteit en advertensies	242,000	21,431	22,249	210,528	184,489	Publicity and Advertising.
Graansuiers	854,000	60,028	37,009	441,505	359,648	Grain Elevators.
Padvervoerdiens	16,925,000	1,312,503	1,547,101	13,273,125	13,079,636	Road Transport Service.
Toeristediens	2,024,000	191,360	180,775	1,621,939	1,545,302	Tourist Service.
Voorverkoeldienste	3,440,000	255,752	265,816	2,774,999	2,514,242	Pre-cooling Services.
Rente op kapitaal	81,524,217	6,957,031	6,000,836	67,610,155	60,768,360	Interest on Capital.
Rente op superannuasie- en ander fondse	20,880,000	1,742,777	1,610,917	17,394,446	16,109,166	Interest on Superannuation and other Funds.
Diverse uitgawe (netto-inkomsterekening)	13,504,000	1,196,311	1,114,571	11,230,517	9,764,470	Miscellaneous Expenditure (Net Revenue Account).
TOTAAL—SPOORWEË R	602,772,000	47,962,106	52,112,450	495,351,414	461,399,916	TOTAL—RAILWAYS.
Bedryfsuitgawe (Hawens)—						Working Expenditure (Harbours)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Onderhoud van bate	5,927,000	479,536	487,652	4,754,378	4,428,324	Maintenance of Assets.
Bedryfsuitgawe	7,393,000	725,530	692,257	6,068,196	5,651,743	Operating Expenses.
Algemene koste	878,000	72,321	64,805	708,189	642,015	General Charges.
Superannuasie	551,000	49,588	51,649	411,576	399,343	Superannuation.
Waardevermindering	2,042,446	170,003	151,234	1,699,157	1,510,738	Depreciation.
Hulpdiens:						Subsidiary Service:
Vuurtorings, vuurbakens, sinjaalklokke en seinstasies	661,000	48,781	53,533	493,175	489,048	Lighthouses, Beacons, Bells and Signal Stations.
Rente op kapitaal	4,403,664	358,857	356,852	3,685,950	3,568,517	Interest on Capital.
Diverse uitgawe (netto-inkomsterekening)	5,290	325	46	10,489	59,630	Miscellaneous Expenditure (Net Revenue Account).
TOTAAL—HAWENS R	21,861,400	1,904,941	1,858,028	17,831,110	16,749,358	TOTAL—HARBOURS.
Bedryfsuitgawe (Lugdiens)—						Working Expenditure (Airways)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Eksploitasie en onderhoud	40,304,000	3,736,881	3,430,396	34,522,745	29,042,390	Working and Maintenance.
Rente op kapitaal	2,168,000	182,333	145,583	1,803,330	1,395,834	Interest on Capital.
Diverse uitgawe (netto-inkomsterekening)	286,000	28,771	40,084	310,238	332,994	Miscellaneous Expenditure (Net Revenue Account).
TOTAAL—LUGDIENS R	42,758,000	3,947,985	3,616,063	36,636,313	30,771,218	TOTAL—AIRWAYS.
Bedryfsuitgawe (Pypleiding)—						Working Expenditure (Pipeline)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Eksploitasie en onderhoud	1,997,600	(132,476)	140,838	1,421,429	383,651	Working and Maintenance.
Rente op kapitaal	977,000	77,666	81,500	821,665	237,000	Interest on Capital.
Diverse uitgawe (netto-inkomsterekening)	400	—	—	1,584	—	Miscellaneous Expenditure (Net Revenue Account).
TOTAAL—PYPLEIDING R	2,975,000	(54,810)	222,338	2,244,678	620,651	TOTAL—PIPELINE.
Voorsiening vir salaris- en loonverhogings R	—	—	(6,928,400)	—	—	Provision for Salary and Wage Increases.
Spesiale aanwendings—						Special Appropriations—
Tekort in Pensioenfonds	1,221,600	101,800	101,800	1,018,000	1,018,000	Deficiency in Pension Fund.
Verbeteringsfonds	10,000,000	833,333	833,333	8,333,334	8,333,334	Betterment Fund.
Bydrae aan fonds ter uitskakeling van spooroorgange	500,000	41,667	41,667	416,666	416,666	Contribution to Level Crossings Elimination Fund.
TOTAAL—SPESIALE—AANWENDINGS R	11,721,600	976,800	976,800	9,768,000	9,768,000	TOTAL—SPECIAL APPROPRIATIONS.
TOTAAL—UITGAWE R	682,088,000	54,737,022	51,857,279	561,831,515	519,309,143	TOTAL—EXPENDITURE.

Kantoor van die Hoofbestuurder, Johannesburg.
Office of the General Manager, Johannesburg.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.—*SOUTH AFRICAN RAILWAYS.*

STAAT VAN INKOMSTE, 1 APRIL 1966 TOT 31 JANUARIE 1967.—*STATEMENT OF REVENUE, 1st APRIL, 1966, TO 31st JANUARY, 1967.*

Diens.	Begroting, *Estimates*, 1966–67.	Maand Januarie. *Month of January.*		Totaal April tot Januarie. *Totaal April to January.*		Service.
		1967.	1966.	1967.	1966.	
	R	R	R	R	R	
Inkomste (Spoorweë)—						Revenue (Railways)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Passasiers	66,558,000	6,524,643	5,202,332	55,244,620	49,730,664	Passengers.
Pakkette	13,570,000	1,138,713	883,706	11,691,773	10,113,257	Parcels.
Pos	3,115,000	275,261	215,187	2,548,797	2,162,249	Mails.
Goedere	348,070,000	28,576,641	22,845,733	286,691,488	270,365,113	Goods.
Steenkool	55,211,000	4,417,217	4,237,515	43,150,909	44,053,603	Coal.
Lewende hawe	7,377,000	521,867	737,658	6,012,986	6,330,425	Livestock.
Huur- en opslagkoste	9,384,000	962,475	963,356	7,562,293	7,419,677	Rents and Storage.
Diverse	17,660,000	1,662,644	1,258,519	14,428,416	13,828,479	Miscellaneous.
Hulpdienste:						Subsidiary Services:
Verversings- en beddediens	5,377,000	606,671	564,071	4,782,111	4,904,845	Catering and Bedding Services.
Publisiteit en advertensies	275,000	29,249	22,361	260,484	219,332	Publicity and Advertising.
Graansuiers	170,000	14,208	21,793	153,011	308,826	Grain Elevators.
Padvervoerdiens	15,773,000	1,307,239	1,267,739	13,442,444	12,768,418	Road Transport Service.
Toeristediens	2,000,000	194,560	166,963	1,608,460	1,547,374	Tourist Service.
Voorverkoeldienste	3,750,000	56,283	65,454	3,012,808	2,732,845	Pre-cooling Services.
Rente op beleggings	28,733,000	2,608,080	2,484,761	24,769,010	24,383,295	Interest on Investments.
Diverse ontvangste (netto-inkomsterekening)	2,321,000	436,817	313,795	2,553,080	2,722,866	Miscellaneous Receipts (Net Revenue Account).
TOTAAL—SPOORWEË.....R	579,344,000	49,332,568	41,250,943	477,912,690	453,591,268	TOTAL—RAILWAYS.
Inkomste (Hawens)—						Revenue (Harbours)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Haweregte op skepe	1,590,000	162,474	104,490	1,331,589	1,214,851	Port Dues on Ships.
Kaaigeld vir goedere en lewende hawe	20,930,000	2,108,986	1,434,902	18,203,608	16,761,215	Wharfage Dues on Goods and Livestock.
Sleepbote en ligters	1,480,000	153,217	103,642	1,274,074	1,132,623	Tugs and Lighters.
Krane	3,190,000	290,344	202,671	2,494,432	2,522,602	Cranes.
Droogdokke en sleephellings	405,000	42,870	52,614	302,806	300,457	Dry Docks and Slipways.
Laaitoestelle	2,765,000	265,895	294,291	2,540,647	2,081,136	Loading Apparatus.
Diverse	820,000	107,963	70,183	659,059	552,922	Miscellaneous.
Hulpdiens:						Subsidiary Service:
Vuurtorings—Liggeld	674,000	78,799	53,203	667,566	561,718	Lighthouses—Light Dues.
Diverse ontvangste (netto-inkomsterekening)	8,000	830	4,174	39,992	19,462	Miscellaneous Receipts (Net Revenue Account).
TOTAAL—HAWENS.....R	31,862,000	3,211,378	2,320,170	27,513,773	25,146,986	TOTAL—HARBOURS.
Inkomste (Lugdiens)—						Revenue (Airways)—
Vervoerdienste:						Transportation Services:
Passasiers	35,768,000	3,320,401	2,439,378	31,276,441	24,625,867	Passengers.
Pos	3,213,000	326,486	302,984	3,239,754	2,906,114	Mails.
Vrag	4,649,000	401,632	310,065	4,067,745	3,035,268	Freight.
Oorgewigbagasie	384,000	10,252	22,774	265,246	253,373	Excess Baggage.
Huurvlugte	132,000	7,257	21,307	79,717	81,499	Charters.
Buffetvoorraad	90,000	9,357	5,722	74,826	61,914	Bar Stock.
Kommissie	400,000	65,604	21,766	367,711	320,799	Commission.
Algemene hantering en bediening	326,000	29,196	26,166	272,241	253,791	General Handling and Attendance.
Padvervoer	190,000	19,049	15,963	167,463	134,247	Ground Transportation.
Ander lugdienste	150,000	8,891	4,905	83,529	103,403	Other Airways Services.
Diverse ontvangste (netto-inkomsterekening)	180,000	20,354	19,851	232,230	257,516	Miscellaneous Receipts (Net Revenue Account).
TOTAAL—LUGDIENS.....R	45,482,000	4,218,479	3,190,881	40,126,903	32,033,791	TOTAL—AIRWAYS.
Inkomste (Pypleiding)—						Revenue (Pipeline)—
Vervoerdienste	15,786,000	1,617,102	1,026,646	14,058,817	2,044,425	Transportation Services.
Diverse Ontvangste (netto-inkomsterekening)	1,000	—	—	—	—	Miscellaneous Receipts (Net Revenue Account).
TOTAAL—PYPLEIDING.....R	15,787,000	1,617,102	1,026,646	14,058,817	2,044,425	TOTAL—PIPELINE.
TOTAAL—INKOMSTE.....R	672,475,000	58,379,527	47,788,640	559,612,183	512,816,470	TOTAL REVENUE.
Bedryfsresultate—						Results of Working—
TOTAAL INKOMSTE—ALLE DIENSTE.....R	672,475,000	58,379,527	47,788,640	559,612,183	512,816,470	TOTAL REVENUE—ALL SERVICES.
TOTAAL UITGAWE—ALLE DIENSTE.....R	682,088,000	54,737,022	51,857,279	561,831,515	519,309,143	TOTAL EXPENDITURE—ALL SERVICES.
SURPLUS.....R	—	3,642,505	—	—	—	SURPLUS.
TEKORT.....R	9,613,000	—	4,068,639	2,219,332	6,492,673	DEFICIT.

Kantoor van die Hoofbestuurder, Johannesburg.
Office of the General Manager, Johannesburg.

(17 Maart 1967.)/(17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 164 VAN 1967.

WET OP MATE EN GEWIGTE, No. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, gelees met regulasie 3 (1), Deel I van die regulasies ingevolge die Wet, word hierby kennis gegee dat alle persone in die landdrosdistrikte Hopetown, Herbert (Douglas) en Hay (Griekwastad) wat weeg- en meetinstrumente, mate en gewigte in die handel gebruik, dit voor of op 28 April 1967 vir ondersoek en yking of heryking moet inlewer.

Die Ykbeampte sal ter beskikking wees soos in onderstaande Bylae aangedui.

L.W.—Enige persoon kan *skriftelik aansoek* doen om sy weeg- en meetinstrumente op sy perseel te laat yk op voorwaarde dat—

(*a*) sy perseel verder as 12 myl geleë is van die naaste ykpos genoem in onderstaande Bylae, en in so 'n geval kan al sy instrumente, mate en gewigte op sy perseel geyk word;
(*b*) sy instrumente 'n weegvermoë van meer as 300 lb. het, vas of van gevoelige samestelling is en nie maklik vervoer kan word nie (bv. selfaanwysende skale, outomatiese weërs, ens.);
(*c*) sy meetinstrumente vas is (bv. petrolpompe, meters, ens.).

Skriftelike aansoeke moet *onverwyld* gerig word aan die Senior Yker, Privaatsak, Kimberley.

Wanneer instrumente op 'n handelaar se perseel geyk word, word ekstra gelde vir die yking gevorder.

W. G. THIEL,
Superintendent, Afdeling Mate en Gewigte.

Pretoria, 3 Maart 1967.

BYLAE.

Hopetown, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 1 nm., 4 April 1967.
Strydenburg, Polisiekantoor, van 11 vm. tot 12.30 nm., 5 April 1967.
Douglas, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 1 nm., 12 April 1967.
Salt Lake, Hooper & Du Plessis, van 10 vm. tot 11.30 vm., 13 April 1967.
Griekwastad, Hofgebou, van 8.30 vm. tot 1 nm., 21 April 1967.
Niekerkshoop, Polisiekantoor, van 8.30 vm. tot 1 nm., 25 April 1967.
Campbell, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 11 vm., 28 April 1967.
Schmidtsdrif, Polisiekantoor, van 2.30 nm. tot 3.30 nm., 28 April 1967.

(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 165 VAN 1967.

WET OP MATE EN GEWIGTE, No. 13 VAN 1958.

Kragtens artikel 22 (1) van die Wet op Mate en Gewigte, 1958, gelees met regulasie 3 (1), Deel I van die regulasies ingevolge die Wet, word hierby kennis gegee dat alle persone in die landdrosdistrikte Edenburg, Trompsburg, Bethulie, Philippolis, Fauresmith, Jagersfontein, Koffiefontein, Jacobsdal en Petrusburg wat weeg- en meetinstrumente, mate en gewigte in die handel gebruik, dit voor of op 19 Mei 1967 vir ondersoek en yking of heryking moet inlewer.

NOTICE No. 164 OF 1967.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, No. 13 OF 1958.

Notice is hereby given, in terms of section 22 (1) of the Weights and Measures Act, 1958, read with regulation 3 (1), Part I of the regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Hopetown, Herbert (Douglas) and Hay (Griquatown), who have weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce these in order that they may be examined and assized or reassized on or before the 28th April, 1967.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

N.B.—Any person may make *written application* to have his weighing and measuring instruments assized on his premises provided that—

(*a*) his premises are situated at a distance of more than 12 miles from the nearest Assize Station shown in the Schedule below, in which case he may have all his instruments, weights and measures assized *in situ;*
(*b*) his instruments have a weighing capacity exceeding 300 lb. or are fixed or of delicate construction and cannot conveniently be moved (e.g. self-indicating scales, automatic weighers, etc.);
(*c*) his measuring instruments are fixed (e.g. petrol pumps, meters, etc.).

Written applications must be made *forthwith* to the Senior Assizer, Private Bag, Kimberley.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges are made for attendance.

W. G. THIEL,
Superintendent, Division of Weights and Measures.

Pretoria, 3rd March, 1967.

SCHEDULE.

Hopetown, Police Station, from 8.30 a.m. to 1 p.m., 4th April, 1967.
Strydenburg, Police Station, from 11 a.m. to 12.30 p.m., 5th April, 1967.
Douglas, Police Station, from 8.30 a.m. to 1 p.m., 12th April, 1967.
Salt Lake, Hooper & Du Plessis, from 10 a.m. to 11.30 a.m., 13th April, 1967.
Griquatown, Court-house, from 8.30 a.m. to 1 p.m., 21st April, 1967.
Niekerkshoop, Police Station, from 8.30 a.m. to 1 p.m., 25th April, 1967.
Campbell, Police Station, from 10 a.m. to 11 a.m., 28th April, 1967.
Schmidtsdrif, Police Station, from 2.30 p.m. to 3.30 p.m., 28th April, 1967.

(17th March, 1967.)

NOTICE No. 165 OF 1967.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, No. 13 OF 1958.

Notice is hereby given in terms of section 22 (1) of the Weights and Measures Act, 1958, read with regulation 3 (1), Part I of the Regulations under the Act, that all persons in the Magisterial Districts of Edenburg, Trompsburg, Bethulie, Philippolis, Fauresmith, Jagersfontein, Koffiefontein, Jacobsdal and Petrusburg, who have weighing and measuring instruments, weights and measures in use in trade, are required to produce these in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 19th May, 1967.

Die Ykbeampte sal ter beskikking wees soos in onderstaande Bylae aangedui.

L.W.—Enige persoon kan *skriftelik* aansoek doen om sy weeg- en meetinstrumente op sy perseel te laat yk op voorwaarde dat—

(*a*) sy perseel verder as 12 myl geleë is van die naaste ykpos genoem in onderstaande Bylae, en in so 'n geval kan al sy instrumente, mate en gewigte op sy perseel geyk word;
(*b*) sy instrumente 'n weegvermoë van meer as 300 lb. het, vas is of van gevoelige samestelling is en nie maklik vervoer kan word nie (bv. selfaanwysende skale, outomatiese weërs, ens.).
(*c*) sy meetinstrumente vas is (bv. petrolpompe, meters, ens.).

Skriftelike aansoeke moet *onverwyld* gerig word aan die Streekyker, Posbus 312, Bloemfontein.

Wanneer instrumente op 'n handelaar se perseel geyk word, word ekstra gelde vir die yking gevorder.

W. G. THIEL,
Superintendent, Afdeling Mate en Gewigte.

Pretoria, 3 Maart 1967.

BYLAE.

Edenburg, Polisiekantoor van 9 vm. tot 3 nm., 4 April 1967.
Trompsburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 1 nm., 11 April 1967.
Springfontein, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 13 April 1967.
Bethulie, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 18 April 1967.
Philippolis, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 25 April 1967.
Luckhoff, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 27 April 1967.
Fauresmith, Polisiekantoor van 9 vm. tot 12 middag, 2 Mei 1967.
Jagersfontein, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 3 Mei 1967.
Koffiefontein, Polisiekantoor, van 9 vm., tot 12 middag, 9 Mei 1967.
Jacobsdal, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 11 Mei 1967.
Petrusburg, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 16 Mei 1967.

(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 166 VAN 1967.

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET No. 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG.

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (*a*) en (*b*) van Wet No. 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet No. 51 van 1949 ter ondersteuning, of bestryding van 'n aansoek moet die Sekretaris van Vervoer (afdeling Burgerlugvaart), Privaatsak 193, Pretoria, binne 21 dae vanaf die datum van hierdie publikasie bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die applikant en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

N.B.—Any person may make *written application* to have his weighing and measuring instruments assized on his premises provided that—

(*a*) his premises are situated at a distance of more than 12 miles from the nearest Assize Station shown in the Schedule below, in which case he may have all his instruments, weights and measures assized *in situ;*
(*b*) his instruments have a weighing capacity exceeding 300 lb. or are fixed or of delicate construction and cannot conveniently be moved (e.g. self-indicating scales, automatic weighers, etc.);
(*c*) his measuring instruments are fixed (e.g. petrol pumps, meters, etc.).

Written applications must be made *forthwith* to the Regional Assizer, P.O. Box 312, Bloemfontein.

Where instruments are assized on a trader's premises, additional charges are made for attendance.

W. G. THIEL,
Superintendent, Division of Weights and Measures.

Pretoria, 3rd March, 1967.

SCHEDULE.

Edenburg, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 4th April, 1967.
Trompsburg, Police Station, from 9 a.m. to 1 p.m., 11th April, 1967.
Springfontein, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 13th April, 1967.
Bethulie, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 18th April, 1967.
Philippolis, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 25th April, 1967.
Luckhoff, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 27th April, 1967.
Fauresmith, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 2nd May, 1967.
Jagersfontein, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 3rd May, 1967.
Koffiefontein, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 9th May, 1967.
Jacobsdal, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 11th May, 1967.
Petrusburg, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 16th May, 1967.

(17th March, 1967.)

NOTICE No. 166 OF 1967.

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT No. 51 OF 1949), AS AMENDED.

Pursuant to the provisions of section 5 (*a*) and (*b*) of Act No. 51 of 1949, and Regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act No. 51 of 1949, in support of or in opposition to an application, should reach the Secretary for Transport (Division of Civil Aviation), Private Bag 193, Pretoria, within 21 days of the date of this publication stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

BYLAE A.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die applikant die lugdiens eksploiteer. (C) Besonderhede van die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of van die voorwaardes waarom aansoek gedoen is.

(A) Pietermaritzburg Aero Club, Posbus 146, Pietermaritzburg. (B) Pietermaritzburg Aero Club. (C) Nievasgestelde Lugvervoerderslisensie No. 315, gedateer 19 Oktober 1964. Onder „ Vliegtuie wat gebruik gaan word " voeg by: „ Cessna Skyhawk ZS-EHF en Piper Cherokee 140 ZS-EBL ".

(A) Boland Lugspuitdiens Beperk, Posbus 222, Malmesbury. (B) Boland Lugspuitdiens Beperk. (C) Handelslugdienslisensie No. 89, gedateer 19 Oktober 1962. Onder „ Vliegtuie wat gebruik gaan word " voeg by „ Piper Pawnee 25-235 ".

(A) Avex Air (Pty.), Ltd., Pk. Randlughawe, Transvaal. (B) Avex Air (Pty.), Ltd. (C) Nie-vasgestelde Lugvervoerderslisensie No. 546, gedateer 5 Oktober 1965. Onder „ Vliegtuie wat gebruik gaan word " voeg by: „ Twin Commanche ZS-EOU ".

BYLAE B.

LYS VAN AANSOEKE OM DIE HERNUWING VAN LISENSIES.

(A) Naam en adres van applikant. (B) Besonderhede van Lugdiens. (C) Voorgestelde tariefskaal. (D) Vliegtuie wat gebruik mag word. (E) Voorgeskrewe roetes, gebied en frekwensies en uitgangsbasis(se).

(A) Helicopter Services (Pty.), Ltd., Pk. Baragwanath, Transvaal. (B) Nie-vasgestelde Lugvervoerderslisensie No. 580. (C) Afhanklik van die aard van ooreenkoms tussen huurder en lugvervoerder. (D) Allouette II Helikopter ZS-HCC, Bell 47G4 Helikopter ZS-HBW. (E) Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Swaziland, Portugees-Oos-Afrika, Rhodesië, Lesotho, Botswana.

(A) Suidwes Lugdiens (Edms.), Bpk., Posbus 731, Windhoek. (B) Vasgestelde Lugvervoerdersdiens. (C) Soos per tender. (D) Douglas DC-3 ZS-DJZ, Piper PA-25-235 ZS-DYY, Cessna 182H ZS-DZS. (E) Roete: Grootfontein-Oranjemund (Windhoek as tegniese halte) Frekwensies: Drie keer per week vir die vervoer van nie-Blanke werknemers van die Anglo American Corporation, Ltd.

(17 Maart 1967.)

SCHEDULE A.

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Title under which the applicant is conducting the air service. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which have been applied for.

(A) Pietermaritzburg Aero Club, P.O. Box 146, Pietermaritzburg. (B) Pietermaritzburg Aero Club. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence No. 315, dated 19th November, 1964. Under " Aircraft to be used " add " Cessna Skyhawk ZS-EHF, Piper Cherokee 140 ZS-EBL ".

(A) Boland Lugspuitdiens Beperk, P.O. Box 222, Malmesbury. (B) Boland Lugspuitdiens Beperk. (C) Aerial Work Air Service Licence No. 89, dated 19th October, 1962. Under " Aircraft to be used " add " Piper Pawnee PA 25-235 ".

(A) Avex Air (Pty.), Ltd., P.O. Rand Airport, Transvaal. (B) Avex Air (Pty.), Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence No. 546, dated 5th October, 1965. Under " Aircraft to be used " add " Twin Commanche ZS-EOU ".

SCHEDULE B.

SCHEDULE OF APPLICATION FOR THE RENEWAL OF LICENCES.

(A) Name and address of applicant. (B) Particulars of Air Service. (C) Proposed tariff of charges. (D) Aircraft to be used. (E) Proposed routes, Areas and Frequencies and base(s) of operation.

(A) Helicopter Services (Pty.), Ltd., P.O. Baragwanath, Transvaal. (B) Non-scheduled Air Transport Service Licence No. 580. (C) Depending on nature of contract between hirer and air carrier. (D) Allouttе II Helicopter ZS-HCC, Bell 47G4, Helicopter ZS-HBW. (E) Republic of South Africa, South West Africa, Swaziland, Portuguese East Africa, Rhodesia, Lesotho, Botswana.

(A) Suidwes Lugdiens (Edms.), Bpk., P.O. Box 731, Windhoek. (B) Scheduled Air Transport Service. (C) As per tender. (D) Douglas DC-3 ZS-DJZ, Piper PA-25-235 ZS-DYY, Cessna 182H ZS-DZS. (E) Route: Grootfontein-Oranjemund (Windhoek as technical stop) Frequencies; Three times per week for the conveyance of non-White employees of the Anglo American Corporation, Ltd.

(17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 167 VAN 1967.

KENNISGEWING VAN VERGADERINGS VAN SKULDEISERS KRAGTENS ARTIKEL 22 (1) VAN DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966.

Hierby word vergaderings van ondergenoemde applikante en hul skuldeisers op die plekke en datums hieronder genoem, belê, met die doel om skuldeisers in staat te stel om hul vorderings teen die applikante te bewys en skikkingsvoorstelle van die Landboukredietraad te oorweeg.

F. H. SEVENSTER,
Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit.

NOTICE No. 167 OF 1967.

NOTICE OF MEETINGS OF CREDITORS IN TERMS OF SECTION 22 (1) OF THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966.

Meetings of the undermentioned applicants and their creditors are hereby convened at the places and dates mentioned hereunder for the purpose of enabling creditors to prove their claims against the applicants and of considering proposals for compromises by the Agricultural Credit Board.

F. H. SEVENSTER,
Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure.

Aansoek van. *Application by.*	Plek van byeenkoms. *Place of Meeting.*	Datum en tyd. *Date and Time.*
1. Jan Hendrik van den Berg, Rooiklip, Pk./*P.O.* Tonteldoos, distrik/*District of* Middelburg (Tvl.)	Kantoor van die Landdros/*Office of the Magistrate,* Middelburg (Tvl.)	9 Mei 1967, om 10 vm./ *9th May,* 1967, *at* 10 *a.m.*
2. Gideon Wilhelmus Smuts, Klipfonteinhoek No. 138, Pk./*P.O.* Mogaba, oor/*via* Ohrigstad	Kantoor van die Landdros/*Office of the Magistrate,* Lydenburg	9 Mei 1967, om 10 vm./ *9th May,* 1967, *at* 10 *a.m.*
3. Pieter Christiaan Rautenbach, Fernie-Haugh, Posbus/*P.O. Box* 5, Warburton	Kantoor van die Landdros/*Office of the Magistrate,* Ermelo	9 Mei 1967, om 10 vm./ *9th May,* 1967, *at* 10 *a.m.*

(17 Maart 1967.)/(17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 168 VAN 1967.

KOÖPERATIEWE LANDBOUVERENIGINGS.

Die volgende besonderhede in verband met die lidmaatskap van Koöperatiewe Landbouverenigings, word deur die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings vir algemene inligting gepubliseer, ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *agt-en-veertig* van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, No. 29 van 1939.

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking.
Pretoria.

DIE MAGALIESBERGSE KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERSVERENIGING.

AANVULLINGSLYS VAN LEDE.
SUPPLEMENTARY LIST OF MEMBERS.

No.	Naam.—*Name.*	Adres.—*Address.*
22552	Alberts, Johannes.....	Klipkop, Pk. Brits.
22553	van Antwerpen, Pieter Carel Frederik	Haakdoorndraai, Posbus 48, Groblersdal.
22554	Badenhorst, Casper Hendrik	Selonsrivier Estates, Posbus 56, Derby.
22555	Bredenhann, Elsie Cornelia Wilhelmina	Geluk, Pk. Vorentoe.
22556	van Burick, Barend Johannes	Boegenhouthoek, Posbus 61, Dennilton.
22557	Coetzer, Nicolaas Cornelis..	Bloempoort, Posbus 146, Groblersdal.
22558	Cronje, Cornelius Douw....	Shylock, Pk. Moedwil.
22559	Deysel, David Schalk.....	Gemsbokfontein, Pk. Witnek, oor Cullinan.
22560	Gassner, Edward.....	Wysfontein, Pk. Moedwil.
22561	Griessel, Cornelius Janse....	Nouwpoort, Privaatsak 19, Koster.
22562	Grobbelaar, Martha Susanna Christina	Oudestad C. 7, Posbus 243, Groblersdal.
22563	Grundlingh, Philippus.....	Rietfontein, Ellisras.
22564	Hugo, Maria Johanna.....	Rooikoppies No. 44, „ Vrug op Arbeid ", Pk. Vasval.
22565	Kemp, Jan Christoffel Greyling	Welverdiend, Posbus 84, Piet Retief.
22566	Kruger, Christoffel Hercules	Witpenskloof C. 215, Posbus 180, Groblersdal.
22567	Labuschagne, Matthys Jacobus	Mamagalieskraal, Posbus 195, Brits.
22568	Laesecke, Wilhelm Frederick	Skeerpoort, Posbus 34, Skeerpoort.
22569	de Lange, Lourens Johannes	Vaalfontein, Posbus 98, Groblersdal.
22570	Liversage, Henry John.....	Bloemhoff, Pk. Anysspruit.
22571	Lombard, Hendrikus Johannes	Haakdoorndraai, Posbus 16, Groblersdal.
22572	Maartins, George Hendrik Constantius	Diepkloof, Posbus 289, Groblersdal.
22573	Maloney, Annis Francis....	Rooikoppies No. 44, Posbus 205, Brits.
22574	van der Merwe, Jan Petrus..	Wagenbietjiesdraai, Posbus 53, Thabazimbi.
22575	Nel, Johan Christoffel.....	Sterkstroom, Posbus 245, Vaalwater.
22576	du Plessis, Dorothea Maria..	Pk. Mamagalieskraal, Brits.
22577	du Plessis, Johan Wilhelm..	Potgietershoogte, Posbus 608, Rustenburg.
22578	Potgieter, Antonie Michal..	Graslaagte, Posbus 124, Bronkhorstspruit.
22579	Pretorius, Izak Jacobus Abraham Paulus	Gemsbokfontein, Posbus 148, Bronkhorstspruit.
22580	Pretorius, Marthinus Jacobus	Rietfontein, Pk. Loubad.
22581	Pretorius, Marthinus Johannes Louwrens	Loskop Noord F. 19, Posbus 212, Groblersdal.
22582	Prinsloo, Philippus Johannes	Doornfontein, Posbus 29, Nylstroom.
22583	van Rensburg, Casparus Johannes Janse	Woodstock, Posbus 59, Swartruggens.
22584	van Rensburg, Hester Magrietha Janse	Kafferskraal, Wevedeen.
22585	Richter, Karel.....	Zendelingsplaas, Pk. Zeerust.
22586	Robbertse, Nicolaas Johannes Jnr.	Elandsdrift H. 25, Posbus 70, Marble Hall.
22587	Robbertse, Willem Cornelis	Krokodildrift-Wes, Posbus 190, Brits.
22588	Roos, Stephanus Daniel Adriaan, Jnr.	Rooikoppies, Posbus 21, Marikana.
22589	Rudolph, Dirk Cornelius Wilhelmus	Diepkloof, Pk. Groblersdal.
22590	Schutte, Stephanus Petrus..	Syferfontein, Pk. Kuilfontein.
22591	Skinner, Marthinus Gerhard	Hartbeesspruit, Pk. Maloto.
22592	Smit, Petrus Johannes Joachim	Kleinfontein, Pk. Rashoop.
22593	Taljaard, Jochemus Jacobus Johannes	Doornkloof, Quantockstraat 33, South Hills.
22594	du Toit, Barend Jacobus Petrus	Naauwpoort No. 214, Posbus 33, Maanhaarrand.

NOTICE No. 168 OF 1967.

The following particulars in regard to the membership of Co-operative Agricultural Societies are published by the Registrar of Co-operative Societies for general information, in accordance with the provisions of subsection (3) of section *forty-eight* of the Co-operative Societies Act, No. 29 of 1939.

Department of Agricultural Economics and Marketing.
Pretoria.

No.	Naam.—*Name.*	Adres.—*Address.*
22595	Venter, Barend Christoffel..	Elandsdrift, Smitstraat 12, Rustenburg.
22596	Venter, Jacob.....	Oudestad C. 11, Posbus 175, Groblersdal.
22597	Venter, Philippus Johannes	Twyfelspoort, Pk. Twyfelspoort.
22598	Verster, Andries Daniel....	Olifantspoort, Krugerstraat 188, Rustenburg.
22599	de Wet, Gabriel Botha.....	Vaalfontein D. 15, Posbus 67, Groblersdal.
22600	Wolmarans, Martha Catharina	Kruisrivier, Pk. Roossenekal.
22601	Aldrich, Emmerenthia Isabella	Rietfontein, Posbus 263, Groblersdal.
22602	Beckley, Henry George.....	Oudestad C. 11, Posbus 175, Groblersdal.
22603	Bosman, Dorothia Susanna..	Rooikraal No. 24, Pk. Rooikraal.
22604	Camphor, Roelof Frederik..	Rooiwal, Posbus 48, Rustenburg.
22605	Durrheim, Charles Theophitus Edward	Oudestad C. 23, Posbus 82, Groblersdal.
22606	Ehlers, Albertus Stefanus Jakobus	Doornkloof, Pk. Maanhaarrand.
22607	Ellis, Christiaan Jacobus, Snr.	Bosfontein, Pk. Maanhaarrand.
22608	Genis, Benjamin.....	Vaalfontein, Posbus 72, Groblersdal.
22609	van der Merwe, Gerhardus Ignatius	Bloempoort, Pk. Groblersdal.
22610	van der Merwe, Johan Jurgens	Bloempoort, Pk. Groblersdal.
22611	Nel, Hercules Johannes.....	Welverdiend, Posbus 157, Groblersdal.
22612	Nel, Jacobus.....	Loskop-Lemoenplaas, Posbus 89, Groblersdal.
22613	Pretorius, Helena Barendina Teonette Durette	Elandskraal, Pk. Mooinooi.
22614	Pretorius, Willem Abraham Jacobus M/sn., Jnr.	Elandskraal, Pk. Mooinooi.
22615	van der Riet, Herold.....	Uyskraal 10, Posbus 265, Marble Hall.
22616	de Beer, Lambertus Nicolaas	Sandfontein, Pk. Brits.
22617	Bothma, Christiaan Marthinus	Goedehoop, Posbus 106, Marble Hall.
22618	Gouws, Barend Mattheus....	Perseel Casino No. 115, Pk. Oorneem.
22619	Koelman, Wentzelina Maria	Kalkfontein, Groblersdal.
22620	van der Merwe, Paul Johannes	Byzonder, Posbus 358, Potgietersrust.
22621	Opperman, Philippus Albertus	Elandsplaas, Poste Restante Groblersdal.
22622	Roux, Johanna Elizabeth....	Rooikoppies No. 32, Posbus 363, Brits.
22623	Swart, Gerhardus Jacobus Muller	Nooitgedacht F4, Posbus 31, Groblersdal.
22624	Venter, Jan Sarel Marthinus..	Kortfontein, Posbus 132, Koster.

DIE VAALRIVIER KOÖPERATIEWE TABAKBOERE VERENIGING.

AANVULLINGSLYS VAN LEDE.
SUPPLEMENTARY LIST OF MEMBERS.

No.	Naam.—*Name.*	Adres.—*Address.*
2429	Barwise, Willem.....	Wolmaransstad, Posbus 320, Ottosdal.
2430	Bosse, Gerhardus Hendrik...	Oorbietjiesfontein, Pk. Hartebeesfontein.
2431	Daniell, James Philip Spicer	Louwsrus, Pk. Parys.
2432	Erasmus, Jan Andries.....	Rietpoort, Posbus 91, Parys.
2433	Lombard, Philip Stephanus..	Rietpoort, Posbus 165, Parys.
2434	Malan, Dawid Johannes....	Koppieskraal, Posbus 5892, Johannesburg.
2435	Pfister, Stanley Thomas Leonard	Lincoln, Posbus 112, Vredefort.
2436	Plessis, du, Sarel Jacobus....	Blydskap, Pk. Parys.
2437	Pretorius, Jan.....	Koedoeslaagte, Pk. Koedoesfontein.
2438	Roux, le, Andries Johannes..	Kliprif, Posbus 320, Ottosdal.
2439	Visser, Hercules Jacobus....	Rooipoort No. 55, Posbus 5, Makokskraal.

(17 Maart 1967.)/(17th March, 1967.)

KENNISGEWING No. 169 VAN 1967.

VOORGESTELDE LAERSDRIFT-BESPROEIINGSDISTRIK, DISTRIK MIDDELBURG, TRANSVAAL.—BY WET VOORGESKREWE ONDERSOEK.

Hierby word ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *twee-en-sewentig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bekendgemaak dat 'n versoekskrif onderteken deur mnr. E. J. Nel en andere, eienaars van oewerplase aan die Swartspruit, in die distrik Middelburg, Transvaal, aan die Minister van Waterwese voorgelê is waarin verklaar word dat hulle dit wenslik ag dat bestaande waterwerke wat vir die besproeiing van sodanige grond en die distribusie van water gebruik word, spesiaal beheer behoort te word en dat 'n gebied van ongeveer 1,860 morg, bestaande uit die volgende eiendomme, kragtens artikel *vier-en-sewentig* van genoemde Wet tot 'n besproeiingsdistrik verklaar word:—

De Jagersdrift No. 177.
Gedeelte B.
Gedeelte C.
Resterende gedeelte van Gedeelte E.
Gedeelte K.
Gedeelte 10 (gedeelte van Gedeelte E).

De Jagersdrift No. 178.
Gedeeltes 25 tot 26.
Gedeeltes 29 tot 31.
Resterende gedeelte van Gedeelte 35.
Gedeeltes 36 tot 38.
Gedeeltes 40 tot 42.
Gedeeltes 44 tot 49.
Gedeeltes 52 tot 53.
Gedeeltes 58 tot 59.
Gedeelte 60.
Resterende gedeelte van Gedeelte 82.
Gedeelte 84 (gedeelte van Gedeelte 83).
Gedeelte 86 (gedeelte van Gedeelte 35).
Gedeelte 87 (gedeelte van Gedeelte 54).
Gedeelte 172 (gedeelte van Gedeelte 54).
Gedeelte 176 (gedeelte van Gedeelte 83).

Swartkoppies No. 217.
Gedeelte van gedeelte G.

Voorts word ooreenkomstig subartikel (2) van genoemde artikel *twee-en-sewentig* bekendgemaak dat 'n openbare vergadering van persone wat by die onderwerp van genoemde versoekskrif belang het, om 1.30 nm., op 14 April 1967, in die Laersdriftskool gehou sal word onder voorsitterskap van 'n beampte van die Departement van Waterwese ten einde ondersoek na die onderwerp van die versoekskrif in te stel en getuienis ten gunste van of teen die voorstel te hoor.

Alle belanghebbendes word hierby in kennis gestel dat die vergadering ook gehou sal word met die doel om stemme ten gunste van of teen die voorstel op te neem, aangesien minstens twee-derdes van die eienaars van grond geleë in die gebied in die betrokke versoekskrif vermeld, wat tesame minstens twee-derdes van die grond in eiendom het wat in daardie gebied besproei word en volgens voorneme besproei gaan word, hulle ooreenkomstig subartikel (3) van genoemde artikel *twee-en-sewentig* ten gunste van die voorstel moet verklaar voordat die versoek toegestaan kan word.

Enige persoon wat nie die vergadering kan bywoon nie, kan iemand anders deur middel van 'n prokurasie of volmag magtig om namens hom by die ondersoek te stem.
(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 170 VAN 1967.

DRANKWET, 1928.

KENNISGEWING VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE DRANKLISENSIERAAD VAN DRANKLISENSIEGEBIED No. 34 INGEVOLGE ARTIKEL 22 BELÊ.

Hierby word bekendgemaak dat 'n spesiale vergadering van die Dranklisensieraad van Dranklisensiegebied No. 34 om 10-uur in die voormiddag op die 31ste dag van Maart

NOTICE No. 169 OF 1967.

PROPOSED LAERSDRIFT IRRIGATION DISTRICT, DISTRICT OF MIDDELBURG, TRANSVAAL.—STATUTORY INQUIRY.

In terms of subsection (1) of section *seventy-two* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), it is hereby notified that a petition signed by Mr. E. J. Nel and others, owners of farms riparian to the Swartspruit, in the District of Middelburg, has been submitted to the Minister of Water Affairs, stating that they consider it desirable that any existing water works used for the irrigation of such land and for the distribution of water be specially controlled and that an area of approximately 1,860 morgen, comprising the following properties, be declared an irrigation district in terms of section *seventy-four* of the said Act:—

De Jagersdrift No. 177.
Portion B.
Portion C.
Remaining extent of Portion E.
Portion K.
Portion 10 (portion of Portion E).

De Jagersdrift No. 178.
Portions 25 to 26.
Portions 29 to 31.
Remaining extent of Portion 35.
Portions 36 to 38.
Portions 40 to 42.
Portions 44 to 49.
Portions 52 to 53.
Portions 58 to 59.
Portion 60.
Remaining extent of Portion 82.
Portion 84 (portion of Portion 83).
Portion 86 (portion of Portion 35).
Portion 87 (portion of Portion 54).
Portion 172 (portion of Portion 54).
Portion 176 (portion of Portion 83).

Swartkoppies No. 217.
Portion of Portion G.

It is further notified in accordance with subsection (2) of the aforesaid section *seventy-two* that a public meeting of persons interested in the subject of the said petition will be held in the Laersdrift School, at 1.30 p.m., on 14th April, 1967, under the chairmanship of an officer of the Department of Water Affairs, to inquire into the subject matter of the petition and to hear evidence for or against the proposal.

All persons interested are hereby notified that the meeting will also be held for the purpose of recording votes for or against the proposal, since it is necessary, in terms of subsection (3) of the said section *seventy-two*, that not less than two-thirds of the owners of land situated within the area specified in the petition in question, who together own not less than two-thirds of the land irrigated and proposed to be irrigated within such area, are in favour of the proposal before the petition may be granted.

Any person who cannot be present at the meeting may, by proxy or power of attorney, delegate any other person to vote on his behalf at the inquiry.
(17th March, 1967.)

NOTICE No. 170 OF 1967.

LIQUOR ACT, 1928.

NOTICE OF A SPECIAL MEETING OF THE LIQUOR LICENSING BOARD FOR LIQUOR LICENSING AREA No. 34 CONVENED IN TERMS OF SECTION 22.

It is hereby notified that a special meeting of the Liquor Licensing Board for Liquor Licensing Area No. 34 will be held at the Magistrate's Court at Winburg in the

1967 by die landdroshof te Winburg in die distrik Winburg, gehou sal word vir oorweging van die volgende aangeleenthede:—

(*a*) Aansoek van Willem Petrus Pienaar om die hernuwing van 'n hoteldranklisensie op die perseel bekend as Ford's Hotel, Winburg.

(*b*) Aansoek van Abe Morris Whine om die hernuwing van 'n hoteldranklisensie op die perseel bekend as Premier Hotel, Paul Roux.

T. KLEINHANS,
Voorsitter van die Dranklisensieraad van Gebied No. 34.

Winburg, 2 Maart 1967.
(17 Maart 1967.)

KENNISGEWING No. 171 VAN 1967.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956.

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE.

Ek, Johan Gert Hendrik Botha, Nywerheidsregistrateur, maak hierby ingevolge subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, soos gewysig, bekend dat 'n aansoek om registrasie van die Yeast and Allied Products Manufacturers' Association of South Africa, waarvan besonderhede in bygaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde werkgewersorganisasie wat beswaar teen so 'n registrasie het, word hierby versoek om sodanige beswaar binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik aan my, p.a. die Departement van Arbeid, Laboriagebou, hoek van Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABEL.

